The building societies' predominant *home mortgage rate*, which had been raised to 20,75 per cent in October 1989 from its previous level of 19,75 per cent, was maintained at this new level up to November 1990. This was the longest period in which no change was made in this rate since the period October 1975 to March 1979.

The predominant *rate on twelve-month deposits* with banks and building societies, which is regarded as representative of deposit rates in general, was lowered from 18,0 to 17,0 per cent in August 1990 and further to 16,5 per cent in October as part of these institutions' endeavours to restore somewhat more comfortable interest rate margins in a somewhat easier credit demand situation.

The maximum permissible *finance charges rates*, as determined in terms of the Usury Act, were reduced, for technical reasons, with effect from 27 July 1990 from 30 to 29 per cent in respect of money lending, credit and leasing transactions for amounts of more than R6 000 (but not exceeding R500 000) and from 33 to 32 per cent in respect of transactions of up to R6 000. The rates on *tax-free investments* with building societies, the Post Office Savings Bank and the Treasury have remained unchanged since being raised by 1,5 per cent in March 1990.



Government finance

Exchequer issues

The year-on-year rate of increase in Exchequer issues to government departments (after the usual adjustment for changes in the balance on the Paymaster-General Account) accelerated markedly from 12,6 per cent in the first or June quarter of the fiscal year 1990/91 to 19,2 per cent in the September quarter. The year-on-year rate of increase in these issues in the first half of the fiscal year accordingly amounted to 15,8 per cent; this was well in excess of the increase in government expenditure of 11,9 per cent that had been envisaged in the Budget of March 1990 for the fiscal year as a whole. In *real* or inflation-adjusted terms the year-on-year increase in these issues during the first half of fiscal 1990/91 amounted to 1,7 per cent.


Exchequer issues to government departments in the first half of fiscal 1990/91 were equal to 50,9 per cent of total budgeted expenditure for the full fiscal

Exchequer Account



Fiscal years

Exchequer receipts and issues




year. This may be compared with a value of this ratio of 49,4 per cent in fiscal 1989/90, as well as with an average value of this ratio in the four fiscal years from 1986/87 to 1989/90 which similarly amounted to 49,4 per cent.

Exchequer issues during the first half of fiscal 1990/91 that were considerably in excess of 50 per cent of the respective budgets for the fiscal year as a whole, were recorded in particular with regard to the Police vote and the Department of Finance. In the case of the Department of Finance, relatively heavy expenditure in the first half of the year could be attributed to unexpectedly large payments of interest on government debt. The Police experienced unanticipated expenditure needs on account of the unrest situation and because of improvements in salaries and related employment benefits that were announced for members of the force in April and June 1990.

In October 1990, the year-on-year rate of increase in Exchequer issues fell back significantly from the level it had reached in the September quarter. The year-on-year increase in these issues in the first seven months (April to October) of fiscal 1990/91 was thereby brought down to 12,4 per cent. Present indications are that Exchequer issues during the fiscal year as a whole are likely to exceed the Budget estimates for government expenditure by only a fairly modest amount.

Revenue collections – State Revenue Fund



Fiscal years. Seasonally adjusted. Semi-log scale.

Exchequer receipts

The year-on-year rate of increase in Exchequer receipts decreased from 19,1 per cent in the June quarter of fiscal 1990/91 to 12,8 per cent in the September quarter. Total receipts in the first half of fiscal 1990/91 were accordingly 15,4 per cent higher than in the corresponding period of fiscal 1989/90. This rate of increase in Exchequer receipts was substantially higher than the increase of 5,8 per cent in government revenue that had been envisaged in the Budget of March 1990 for the fiscal year as a whole. In *real* terms the year-on-year increase in these receipts during the first half of fiscal 1990/91 amounted to 1,3 per cent.

Total Exchequer receipts in the first half of fiscal 1990/91 were equal to 51,6 per cent of total budgeted government revenue for the fiscal year as a whole. In fiscal 1989/90 the ratio of first-half to full-year revenue had amounted to 52,9 per cent. In contrast, the average value of this ratio in the four fiscal years from 1986/87 to 1989/90 amounted to only 49,2 per cent.

Central Government receipts

Percentage increase

	Budgeted for fiscal year 1990/91 ¹	Realised in first half of 1990/91 ²
Customs and excise duties	-10,2	-7,5
Income tax:		
Gold mines	-5,0	-29,9
Other mines	-10,8	106,4
Non-mining companies	19,8	24,2
Individuals	4,3	21,1
General sales tax	12,5	9,7
Gold-mining leases	-8,0	-39,8
Other receipts	-14,0	40,2
Total	5,8	15,4

¹ Budget Speech, March 1990

² Compared with the first half of fiscal 1989/90.

Rates of increase in total Exchequer receipts that were significantly higher than had been budgeted for, could primarily be attributed in the first half of fiscal 1990/91 to larger-than-budgeted increases in receipts of income tax from individuals and (even more pronouncedly) from mining companies other than gold-mining companies. Against this, the year-on-year rates of increase in receipts from gold-mining companies and from the general sales tax fell short of the budgeted percentage increases for the fiscal year as a whole.

In October 1990 the year-on-year rate of increase in Exchequer receipts slowed down further from its September-quarter level. The rate of increase in these receipts in the first seven months of fiscal 1990/91 was thereby lowered to 13,5 per cent. Exchequer receipts for the fiscal year as a whole are nevertheless expected to exceed the Budget estimates to a quite considerable extent.

Deficit before borrowing

The deficit before borrowing and debt repayment of R4 449 million in the June quarter of fiscal 1990/91 was transformed into a *surplus* of R730 million in the September quarter. The cumulative deficit in the first half of the fiscal year accordingly amounted to R3 719 million, or to approximately 2,8 per cent of the gross domestic product during that period. This was fully in line with the 2,8 per cent ratio of the deficit to the gross domestic product that had been allowed for in the Budget estimates for the fiscal year as a whole.

According to the information currently available, the deficit of R3 719 million during the first half of fiscal 1990/91, *plus* the discount of R2 168 million on new government stock issues and *plus* the payment of R2 000 million to the Independent Development Trust (for a total of R7 887 million), was financed from the following sources:

	R millions
Public Investment Commissioners	-110
Non-bank private sector	7 233
Banking sector:	
Corporation for Public Deposits	-192
Other banks	961
Foreign sector	-5
Total financing	7 887

The payment of R2 000 million to the Independent Development Trust was funded out of the Exchequer's financing surplus of fiscal 1989/90. In the above table this amount is, therefore, included in the "other banks" part of the banking sector's contribution to the financing of the Exchequer deficit.

The cumulative deficit in the first seven months of fiscal 1990/91 amounted to R3 053 million, or to 38 per cent of the deficit of R7 994 million that had been budgeted for in March 1990 with regard to the fiscal year 1990/91 as a whole. The corresponding deficit in the first seven months of fiscal 1989/90 amounted to R2 985 million, or to 30 per cent of the budgeted deficit.

The deficit of R3 053 million that was recorded in the first seven months of fiscal 1990/91 was financed by means of the following debt instruments:

R millions

Government stock (excluding the discount)	4 388
Treasury bills	1 232
Non-marketable securities	-109
Foreign loans	-25
Use of cash balances	<u>-433</u>
Total financing of Exchequer deficit	5 053
<i>Less:</i> Payment to the Independent Development Trust	<u>2 000</u>
Total net financing (= deficit before borrowing)	<u>3 053</u>

Present estimates and projections suggest that the eventual deficit for fiscal 1990/91 as a whole may be less than the deficit of R7 994 million originally budgeted for. It could possibly amount to only about 2,6 per cent of the expected gross domestic product in the full fiscal year.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Inleiding

Die reële bruto binnelandse produk van die Suid-Afrikaanse ekonomie het in die derde kwartaal van 1990 vir die vierde agtereenvolgende kwartaal gedaal; die koers van hierdie daling – wat ná omrekening na 'n jaarvlak effens meer as 2 persent beloop het – was ietwat hoër as dié van die voorafgaande ses maande. Die reële bruto binnelandse produk was in die eerste drie kwartale van 1990 ongeveer 1 persent laer as in die ooreenstemmende periode van 1989. Dit sal na verwagting in die kalenderjaar 1990 ook ongeveer 1 persent laer wees as in die voorafgaande jaar.

Die verdere inkrimping van die totale reële produksie in die derde kwartaal van 1990 was hoofsaaklik die gevolg van 'n aanmerklike daling in die reële toegevoegde waarde in die landbou en van 'n beduidende verdere afname in die reële produksie van die sekondêre sektore (die fabriekswese en die konstruksiebedryf). Effens positiewe produksiegroei is deur die tersiëre nywerhede aan die dag gelê. As gevolg hiervan het die totale reële produksie van die gesamentlike *nie-primière* sektore slegs 'n marginale afname getoon; die totale produksie *buite die landbou* het in werklikheid 'n wesenlik sywaartse verloop gevolg.

Die reële bruto binnelandse *besteding*, wat in die tweede kwartaal van 1990 'n matige herstel getoon het, het in die derde kwartaal teen 'n ietwat hoër koers daarmee voortgegaan. Die verstewiging van die totale reële binnelandse besteding in die derde kwartaal was gegrond op 'n voortsetting van die lige stygging in die reële private verbruiksbesteding, 'n hernieuwe stygging in die reële owerheidsverbruiksbesteding en 'n laer koers van vermindering van die reële voorrade. Die stadige maar bestendige wyse waarop die totale reële private verbruiksbesteding vorentoe gebeur het, was in werklikheid 'n opvallende kenmerk van die eerste ses kwartale van die huidige konjunktuurafgang tot dusver.

Benewens die matige herlewning van die reële bruto binnelandse besteding in die twee mees onlangs voltooide kalenderkwartale, is die betreklike gematigdheid van die huidige afgang tot dusver ook nog steeds bevestig deur die betreklike stewigheid (eerder as sterkte) wat verskeie ander konjunktuurgevoelige tydreeks aan die dag gelê het. Betreklike stewigheid van verskeie aspekte van die bedrywigheid in die ekonomie gedurende die sesde kwartaal van die huidige konjuncturele afgang daarvan, het byvoorbeeld geblyk uit die nog steeds taamlik lige afwaartse beweging wat die samevallende saamgestelde konjunktuuraanwyser tot dusver gedurende 1990 getoon het, uit die veerkrigtheid van en die lige onlangse toenames in die groot- en kleinhandelsomsette teen konstante prysen-

op 'n kwartaallikse basis, uit die skynbare "vloer" onder die verkope van motorvoertuie en die beskeie herstel wat in die tweede en die derde kwartaal van 1990 in die gemiddelde peil van hierdie verkope aangeteken is, en uit die feit dat die reële waarde van die goedgekeurde bouplanne in wese sywaarts verloop het.

Wat die *arbeidsmark* betref, lyk dit waarskynlik dat daar, ná die verrassende verstewiging van die werkverskaffing in die eerste kwartaal, in sowel die tweede as die derde kwartaal van 1990 afnames in die totale werkgeleenheid in die formele sektor voorgekom het. 'n Verdere versneling van die koers van toename oor vier kwartale in die nominale loon per werker in die private sektor, en 'n skerp herversneling van die koers van toename oor vier kwartale in die nominale loon per werker in diens van die openbare owerhede, is onderskeidelik in die eerste helfte van 1990 en in die tweede kwartaal van 1990 aangeteken. Stakings, die intimidasie van werkers en wegblly-aksies was 'n faktor wat gedurende die derde kwartaal veral in die fabriekswese tot dalings in die produksies bygedra het.

Die verlangsaming van die *inflasiekoerse* soos dit deur die belangrikste prysindeks gemeet word, wat in die meeste gevalle vanaf ongeveer die middel van 1989 tot ongeveer Julie 1990 na vore gekom het, is vanaf Augustus 1990 onderbreek en omgekeer, hoofsaaklik as gevolg van militêr-politieke gebeure in die Midde-Ooste en vanweë die invloed wat die gang van sake aldaar op die internasionale prysen van ruolie en op die binnelandse prysen van vloeibare brandstowwe uitgeoefen het. Die koers van stygging in die totale produksieprysindeks oor periodes van twaalf maande het byvoorbeeld van 15,8 persent in Mei 1989 tot 10,3 persent in Julie 1990 gedaal, maar na 11,8 persent in September 1990 teruggekeer.

Die *betalingsbalanstoestand* het in die derde kwartaal van 1990 wat die verskeie hoofaspekte daarvan betref, bemoedigende sterkte getoon. Die oorskot op die lopende rekening het gedurende die derde kwartaal, hoofsaaklik vanweë 'n aanmerklike stygging in die waarde van die goedere-uitvoer, weer ruimer geword. 'n Netto *invloeiing* van nie-reserweverwante kapitaal is, vir die eerste maal sedert die derde kwartaal van 1987, gedurende die derde kwartaal van 1990 aangeteken; dit was die grootste sodanige kapitaalinvloeiing sedert die laaste kwartaal van 1982. Die Suid-Afrikaanse netto goud- en ander buitelandse reserwes het van die begin van 1990 tot die einde van September met R2,5 miljard toegeneem.

Betekenisvolle verdere verlangsamings is in die koers van toename in die *M3-geldvoorraad* en in die *kredietverlening* van die monetêre instellings aan die private sektor aangeteken. Teen die einde van Septem-

ber 1990 het die koers van toename in M3 soos dit vir die doel van die riglyne gemeet word, van bo af deur die onderste grens gebreek van die riglynperk van 11 tot 15 persent wat vir die monetêre-beleidsjaar 1990 met betrekking tot die groei in M3 gestel is.

Die *kapitaalmarkte* was getuie van 'n mate van herstel in die omsetsyfers ná die skerp dalings wat in die tweede kwartaal van 1990 in die handelsbedrywigheid aangeteken is. Taamlik aansienlike dalings in die aandelepryse veral in September en Oktober, het die totale insinking van die gemiddelde aandelepryspeil vanaf die hoogtepunt daarvan in Februarie 1990 tot Oktober 1990 op ongeveer 18 persent te staan gebring. Die rente- en opbrengskoerse op die kapitaalmarkte het in September-Oktobre effens verstewig op grond van meer pessimistiese inflasieverwagtings en vermindende vooruitsigte dat die monetêre beleid binnekort verslap sou word.

Op die gebied van die *staatsfinansies* duif die huidige vooruitskattings van die skatkisuitreikings en -ontvangste vir die fiskale jaar 1990/91 op 'n uiteindelike tekort voor lenings vir die fiskale jaar in sy geheel wat met betreklike gemak binne die syfer van 2,8 persent van die nominale bruto binnelandse produk behoort te bly wat in die Begrotingsramings van Maart 1990 in die vooruitsig gestel is.

'n Oorsigtelike blik oor hierdie stand van sake maak dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse ekonomie in die derde kwartaal en die begin van die vierde kwartaal van 1990 nog in 'n toestand van stadige konjunkturele inkrimping verkeer het. Dit was die netto resultaat van faktore soos die owerhede se betreklik streng beperkende monetêre en fiskale beleid, die maatskaplik-politieke onsekerheid, die heersende droogtetoestand, versteurde arbeidsbetrekkinge en burgerlike onrus, en die stygende reële koste van arbeid aan die een kant, en van die feit dat die goedere-uitvoer merkwaardig goed gehandhaaf is, van die betreklik hoë vlak van die reële owerheidsverbruiksbesteding, en van 'n lang reeks faktore wat die private verbruiksbesteding reëel gesproke op peil gehou het, aan die ander kant. Dit wil voorkom asof die taamlik sterk gevoel van slappe en onwelsyn wat gedurende hierdie periode geheers het, in die lig van die feitelike prestasies van die ekonomie nie geregverdig was nie. Die totaalbeeld was egter een waarin die betreklike konjunkturele stewigheid van die ekonomie homself afgeteken het teen 'n agtergrond van probleme op langer termyn wat nog onvolledig opgelos is en van strukturele tekortkominge wat nog nie toereikend aangepak is nie.

Onder die meer ongunstige toestande en ontwikkelings waarteenoor die ekonomie in die vierde kwartaal van 1990 te staan gekom het, was:

- *Loondruk*. Die hoofteks van hierdie *Oorsig* vind dit by meer as een geleentheid noodsaaklik om melding te maak van die verskynsel van vinnige onlangse stygings in die nominale lone en in sowel die reële as

die nominale eenheidsarbeidskoste. Hierdie loonontwikkeling het plaasgevind in 'n afkoelende ekonomie, in weerwil van verslappende en selfs negatiewe groei in die werkgeleenheid en van stygende werkloosheid, en teen 'n agtergrond van 'n belangrike afwaartse beweging op langer termyn in die persentasie wat die werkverskaffing in die formele sektor buite die landbou van die totale ekonomiese bedrywige bevolking uitgevoer het.

- *Die uitwerking van die krisis in die Midde-Ooste op die gemete inflasiekoste*, en potensieel ook op die inflasieverwagtings en op die mate waarin hierdie verwagtings in die openbare mening veranker geraak het.
- *Betrekklik powere groeivoorusigte vir 1991*, onder andere op grond van hoër internasionale oliepryse, 'n waarskynlike verdere verslapping van die ekonomiese groei in die belangrikste nywerheidslande, die heersende droogtetoestand, en die feit dat die dollarprys van goud nie meer energiek op die olieprysstygings en op die toestand van verhoogde internasionale spanning gereageer het nie.

In 'n meer positiewe trant het die onlangse gebeure egter ook die volgende ingesluit:

- Die bemoedigende welslae wat die owerhede se beperkende monetêre-beleidsmaatreëls van die onlangse verlede behaal het met matiging van die uitbreidingstempo van die bankkrediet aan die private sektor en van die M3-geldvoorraad.
- Die opmerklike sterkte van die betalingsbalansposisie en die aanmerklike herstel van die netto buitelandse reserwes.
- 'n Terugkeer na 'n meer normale toestand met betrekking tot die beskikbaarheid van buitelandse-handelsfinansiering uit oorsese bronse, en 'n beduidend minder akute en meer geredelik hanteerbare situasie met betrekking tot die terugbetaling van buitelandse skuld.
- 'n Duidelike moontlikheid – wat uit ekonomiese en ekonometriese ontledings na vore kom – dat die *herversnelling* van die gemete inflasiekoste nie lank sal voortduur nie. Dit is goed moontlik dat die inflasie in die verbruikerspryse oor periodes van twaalf maande teen die einde van 1991 reeds weer terug sal wees op 'n peil wat laer is as dié wat voor die Irakese anneksasie van Koeweit geheers het.

Die monetêre beleid moes oorweeg hoe dit op die uitvloeisels van die krisis in die Persiese-Golfgebied en die olieprysverhoging vir die gemete inflasiekoste sou reageer. 'n *Verskerping* van die beleid, wat vir geruime tyd sou lei tot versterkte afwaartse druk op die binnelandse vraag en die ekonomiese bedrywigheid, is nie as gepas beskou om die eenmalige uitwerking van so 'n alleenstaande, eksogene, voorval op die algemene pryspeil teen te werk nie. So'n beleidsreaksie sou slegs geregverdig kon word indien die eksogene skok-

invloed op die pryspeil 'n langdurige uitwerking op die inflasieverwagtings sou hê en 'n meer duursame versneling van die loon-prys-loon- of prys-loon-prys-spiraal sou meebring. Die argumente teen 'n sodanige vernouing van die beleid word nog sterker indien die normale sloerings in die uitwerking van monetêre-beleidsmaatreëls ook in ag geneem word: in die onderhawige geval sou die uitwerking van strenger beleidsmaatreëls wat tans ingestel sou word, moontlik eers waarneembaar word teen die tyd dat die inflasiekoers soos dit gewoonlik gemeet word (dit wil sê die koers van verandering in die verbruikersprysindeks oor 'n periode van twaalf maande) in elk geval reeds besig sou wees om uit die periode waartydens dit deur die olieprysstygting beïnvloed is, uit te beweeg.

Meer realisties is daar gegis dat die taamlik streng ingesteldheid van die monetêre beleid oor die afgelope aantal kwartale allig oor 'n langer tydperk gehandhaaf sal moet word om "Fase I" van die owerhede se beleidsoogmerke – wat daaruit bestaan dat die Suid-Afrikaanse inflasiekoerse tot ongeveer die gemiddeldevlak van die inflasiekoerse in die ekonomiese van Suid-Afrika se belangrikste internasionale handelsvennote verlaag moet word – te verwesenlik.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie¹

Die huidige ramings toon dat die Suid-Afrikaanse reële bruto binnelandse produk in die derde kwartaal van 1990 ietwat verder ingekrimp het, en wel teen 'n effens hoër koers as in die voorafgaande ses maande. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van hierdie inkrimping word geraam op ietwat meer as 2 persent. Slegs 'n geringe afwaartse beweging is egter in die reële produksie van die gesamentlike *nie-primêre sektore* aangeteken; die reële produksie van die ekonomie *buite die landbou* het in werklikheid 'n bykans sywaartse verloop getoon.


Negatiewe koerse van verandering in die reële bruto binnelandse produk is nou gemeet in die vier mees onlangs voltooide kalenderkwartale, uit die ses voltooide kwartale van die huidige konjunktuurafgang tot dusver. Hersienings en aanpassings van vorige ramings van die reële bruto binnelandse produk gedurende die periode van die vierde kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1990 het die dalende neiging in die koers van waarteen in die reële bruto binnelandse produk gedurende hierdie drie kwartale ingekrimp het, ietwat sterker gemaak. Die jaarkoers van die inkrimping in hierdie drie kwartale word nou geraam op onderskeidelik ongeveer 2½ persent, bykans 2 persent, en effens minder as 1½ persent.

Aangesien die matig negatiewe groeikoerse in die eerste helfte van 1990 in die derde kwartaal van 1990 gevolg is deur die inkrimping teen 'n jaarkoers van ietwat meer as 2 persent, waarvan hierbo reeds melding gemaak is, was die reële bruto binnelandse produk in die eerste nege maande van 1990 bykans 1 persent laer as in die eerste nege maande van 1989. Die huidige vooruitskatting dui daarop dat die reële bruto binnelandse produk in die hele kalenderjaar van 1990 ook ongeveer 1 persent laer sal wees as in die hele jaar 1989.


Opmerklike *afnames* is in die derde kwartaal van 1990 in die reële toegevoegde waarde van die landbou en die fabriekswese aangeteken. *Toename* in die reële toegevoegde waarde het egter nog in die mynwese en die handel en by die algemene owerheid voorgekom.

¹ Soos wat in die derde kwartaal van elke kalenderjaar gebruiklik is, is daar in die derde kwartaal van 1990 ten opsigte van verskeie komponente van die nasionale-rekeningeramings hersienings aangebring, wat in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* opgeneem is. Die hersienings maak gebruik van meer volledige of andersins meer gepaste brongewens as wat voorheen beskikbaar was. Daarbenewens is faktore vir seisoensaansuiwering opgedateer. Belangrike nuwe brongewens sluit onder andere in die nuut-vrygestelde statistiek oor die fisiese volume van die fabrieksproduksie wat op 1985-gewigte gebaseer is.

Reële bruto binnelandse produk



Komponente van reële bruto binnelandse produk



Die groot afnames in die landbouproduksie in die derde kwartaal van 1990 het die produksietoename in die mynbou ver oorskry, met die gevolg dat die totale reële produksie van die gesamentlike *primêre*-sektore in die derde kwartaal van 1990 teen 'n jaarkoers van nie minder nie as 10 persent afgeneem het. In die *sekondêre* sektore het produksie-afnames in die fabriekswese en die minder as florerende toestand in die konstruksiebedryf tot gevolg gehad dat die reële produksie in hierdie sektore in die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van ongeveer 2½ persent afgeneem het. Dit het gevolg op 'n inkrimping teen 'n jaarkoers van bykans 3 persent in die voorafgaande drie maande. Die reële toegevoegde waarde in die *tertiêre* sektore het in die tweede kwartaal van 1990 teen 'n koers van meer as 1 persent afgeneem. Dit is egter in die derde kwartaal van die jaar deur 'n toename teen 'n koers van bykans 1 persent gevolg.

Die totale reële produksie van die *nie-primêre* sektore het in die tweede kwartaal van 1990 teen 'n jaarkoers van 2 persent teruggesak maar in die derde kwartaal slegs 'n geringe verdere afname – teen 'n jaarkoers van ½ persent – getoon. Die totale reële produksie van die hele ekonomiese *buite die landbou* het op soortgelyke wyse in die tweede kwartaal van 1990 betreklik gesig vol gedaal (teen 'n jaarkoers van bykans 2½ persent), maar in die daaropvolgende drie maande in wese sywaarts beweeg.

Die afname in die reële landbouproduksie in die derde kwartaal was hoofsaaklik die gevolg van die kleiner mielie-oes van 1989/90, wat, op sy peil van ongeveer 8,3 miljoen ton, volgens raming minder as driekwart (73 persent) van die oes van 1988/89 sal beloop. Die reële fabrieksproduksie het in die tweede kwartaal van 1989 sy jongste hoogtepunt bereik. In die derde kwartaal van 1990 is dit afwaarts beïnvloed deur die swakker binnelandse vraag sowel as deur die inboeting van produksie wat as gevolg van stakings, wegblly-aksies en deurgaans moeilike arbeidsomstandighede verlore gegaan het. Die afname in die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese vanaf sy hoogtepunt in die tweede kwartaal van 1989 tot op die vlak waarop dit in die derde kwartaal van 1990 te staan gekom het, het ongeveer 5½ persent bedra.

Die reële toegevoegde waarde van die mynbousektor is in die derde kwartaal van 1990 opgestoot deur 'n toename in die reële produksie van die goudmynbedryf: nadat dit in die tweede kwartaal van 1990 'n laag-

tepunt bereik het, is die goudproduksie in die derde kwartaal verhoog deur 'n groter omvang van die ertsvergruisiging sowel as deur 'n hoër gemiddelde gehalte van die vergruiside erts. Hierdie toename in die reële toegevoegde waarde van die goudmynbou het meer as vergoed vir 'n netto afname in die totale reële produksie in die res van die mynbousektor en veral in die "ander mynbou"-bedrywe. Die mynbou anders as die goudmynbou is ongunstig geraak deur die algemene slappe in, en swak vooruitsigte vir, die internasionale prys van 'n aantal van Suid-Afrika se uitvoermetale en -minerale; sekere Suid-Afrikaanse produsente het hul produksie ingekort in die lig van neigings tot 'n internasionale ooraanbod.

Toenames in die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektore in die derde kwartaal van 1990 was 'n weerspieëling van groter bedrywigheid in die subsektore kleinhandel en motorhandel van die handelsektor en van 'n marginale toename in die vlak van die werkverskaffing by die algemene owerheid. Slegs geringe veranderings vanaf die vlakke wat in die tweede kwartaal bereik is, is in die reële bedrywigheid in die sub-sektor vervoer en in die finansiewese aangeteken.


Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding het in die tweede kwartaal van 1988 'n hoogtepunt vir die tweede helfte van die tagtigerjare bereik. Nadat dit rondom 'n afwaartse neiging geskommel het, het dit in die tweede kwartaal van 1989 effens, in die derde en die vierde kwartaal van 1989 vinnig, en in die eerste kwartaal van 1990 weer teen 'n heelwat laer koers gedaal. Daarna het dit in die tweede kwartaal 'n matige *herstel* getoon waarvan die jaarkoers tans op bykans 2½ persent geëraam word. Dit is in die derde kwartaal van 1990 deur 'n verdere herstel gevolg teen 'n ietwat sterker jaarkoers van ongeveer 3½ persent.

Ondanks die herstel van die totale reële bruto binnelandse besteding in die twee mees onlangs voltooide kalenderkwartale, was die gemiddelde vlak van hierdie besteding in die eerste *drie* kwartale van 1990 nog steeds sowat 3½ persent laer as die gemiddelde vlak daarvan in die eerste drie kwartale van 1989, en ook sowat 3 persent laer as die gemiddelde vlak van die totale besteding in die eerste helfte van 1988. Dit was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die nogal heel aansienlike daling wat in die tweede helfte van 1989 in die reële binnelandse besteding voorgekom het.

Die afwaartse verskuiwing van die gemiddelde vlak van die totale reële bruto binnelandse besteding vanaf die eerste helfte van 1988 en die eerste nege maande van 1989 tot die eerste nege maande van 1990, was hoofsaaklik die resultaat van die owerhede se taamlik beperkende finansiële-beleidsmaatreëls wat daarop gemik was om die inflasie te bekamp en om betalingsbalansoorskotte in stand te hou, en van 'n algemene gevoel van onsekerheid wat veral die vaste-investe-

Reële bruto binnelandse besteding




ringsbesteding teruggehou het. Die taamlik beperkende ingesteldheid van die monetêre beleid is in die tweede en die derde kwartaal van 1990 gehandhaaf, en verdere afnames het gedurende daardie periode in die totale reële bruto binnelandse vaste investering voorgekom. In die lig van hierdie omstandighede behoort die matige verdere oplewing in die totale reële bruto binnelandse vraag wat gedurende die derde kwartaal van 1990 in die andersins verlangsamende ekonomie aangeteken is, verder ontleed te word.

Die voortgesette herstel van die totale reële bruto binnelandse besteding in die derde kwartaal van 1990 het sy grondslae gehad in 'n voortsetting van die volgende, ofskoon beperkte, opwaartse beweging in die reële private verbruiksbesteding, 'n toename in die reële owerheidsverbruiksbesteding, en 'n verdere afname in die tempo waarteen die totale reële voorrade verminder is. Die gesamentlike uitwerking van die bewegings in hierdie drie hoofbestedingskategorieë het 'n verdere inkrimping van die besteding aan die totale reële bruto binnelandse vaste investering meer as geneutraliseer.

Die totale *reële private verbruiksbesteding*, wat gedurende die afgangsfase van 1989/90 tot dusver nog nooit opgehou het om te styg nie, het volgens raming in die derde kwartaal van 1990 teen 'n jaarkoers van sowat 1½ persent toegeneem. Hierdie koers van toename was ietwat hoër as die toenamekoerse in die

Komponente van reële private verbruiksbesteding



voorafgaande vyf kwartale van die huidige afgangs-fase, wat van ongeveer 1½ tot sowat 1 persent gewissel het. In 'n ongewone wending in die verloop van sake het die mees onlangse kwartaallike toename in die totale reële private verbruiksbesteding in beduidende mate voortgespruit uit hoër reële besteding aan *duursame* en *semi-duursame* goedere; voorgesette stewigheid en 'n aantal toenames is egter ook deur die besteding aan nie-duursame goedere en aan dienste aan die dag gelê.

Die reële private verbruiksbesteding aan *duursame* goedere het in die derde kwartaal van 1990 teen 'n jaarkoers van 1½ persent toegeneem. Opmerklike toenames is aangeteken in private verbruikers se reële besteding aan meubels en huishoudelike toestelle. Die besteding aan motorvoertuie, wat van die tweede kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1990 in totaal met sowat 9 persent gedaal het, het in die derde kwartaal van 1990 bykans geen verandering getoon nie.

Huishoudings se reële besteding aan *semi-duursame* goedere het in die eerste twee kwartale van 1990 teen 'n gemiddelde jaarkoers van 2½ persent afgeneem. Daarna het dit in die derde kwartaal van 1990 teen 'n jaarkoers van ongeveer 1½ persent gestyg. Die groei in die reële besteding in hierdie kategorie het 'n breë grondslag gehad; enkele van die meer opmerklike toenames is in die uitgawes aan klerasie,

skoeisel en huishoudelike tekstiele aangeteken. Die reële uitgawes aan *nie-duursame* goedere en aan dienste het toegeneem teen jaarkoerse van onderskeidelik sowat 1½ en 2½ persent.

Die voortgesette opwaartse neiging in die totale reële private verbruiksbesteding, en die lige verstewiging van hierdie neiging in die derde kwartaal van 1990 kon gedeeltelik toegeskryf word aan 'n matige styging in die totale reële persoonlike beskikbare inkomme. Die uitwerking van hierdie toename het voortgevloei uit, of het steun ontleen aan, faktore soos –

- die algemene loons- en salarisverhogings in die algemene-owerheidsektor, wat vanaf die begin van die tweede kwartaal van 1990 in werking getree het (hoewel sommige van hierdie toenames met terugwerkende krag vanaf die eerste kwartaal van 1990 toegepas is);
- aanpassings in die lone en salarissose van sekere laer-besoldigde kategorieë werkers in die owerheidsdienste, wat laat in die tweede kwartaal of vanaf die begin van die derde kwartaal van 1990 in werking getree het;
- betreklik hoë loonskikkings, soos dit deur verskeie vakbonde, in al die hoofsektore van die ekonomie beding is;
- die verlaging van inkomstebelasting op individue, en sekere terugbetalings van reeds betaalde inkomstebelasting, vanaf of gedurende die derde kwartaal van 1990, soos wat in die Begroting van Maart 1990 aangekondig is;
- die effektiewe oordrag van reële persoonlike beskikbare inkomme en van reële koopkrag aan sekere laer-inkomstegroepe in 'n aantal Swart dorpsgebiede, uit hoofde van huishoudings se versuim om huur en diensteheffings aan plaaslike owerhede te betaal en/of (in sekere gevalle) om die skuldversorgingsverpligtings ten opsigte van huisverbandlenings na te kom;
- die betreklik hoë verbruiksgeneigdheid (lae spaargeneigdheid) onder huishoudings in die laer-inkomstegroepe. (Tesame met 'n effektiewe verskuiwing van reële persoonlike beskikbare inkomme vanaf hoér-na laer-inkomeontvangers, sal dit neig om 'n baie hoë "skynbare" of "waargenome" grensverbruiksgeneigdheid met betrekking tot enige gemete toename in die totale reële persoonlike beskikbare inkomme tot gevolg te hê.);
- 'n algemene gemoedstoestand van "stygende verwagtings" onder sekere breë bevolkingsgroepes, in die huidige milieu van vinnige maatskaplik-politieke veranderings en verwagte maatskaplik-politieke veranderings;
- die standhoudende uitwerking op die huidige verbruiksbesteding van verwagte prysstygings en van

ongunstige inflasieverwagtinge in die algemeen;

- in die besonder, die uitwerking wat verwagte verhogings van die pryse van nuwe motorvoertuie – wat met intensiewe bemarking van sekere nuwe modelle gepaard gegaan het – in die derde kwartaal van 1990 op die verkope van motorvoertuie gehad het;
- die voortskrydende elektrifisering van sekere Swart en ander woongebiede, wat aanleiding gee tot 'n verhoogde vraag na sekere huishoudelike toestelle; en
- 'n algemene vervangingsvraag na sekere duurhante verbruiksgoedere, wat voortspruit uit die hoër gemiddelde ouderdom en betreklik lae reële vlak van private huishoudings se voorrade aan hierdie goedere.

Die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het in die eerste kwartaal van 1990 beduidend gestyg, in die tweede kwartaal (dit wil sê in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1990/91) gedaal, maar in die derde kwartaal weer aanmerklik gestyg. Die stijging in die derde kwartaal is hoofsaaklik verklaar deur 'n beduidende toename in die reële owerheidsaankope van intermediêre goedere en dienste; dit is deur 'n effense toename in die totale reële loon- en salarisbetelings ondersteun.


Die stijging in die reële owerheidsverbruiksbesteding in die derde kwartaal van 1990 het die uitwerking gehad om die opwaartse neiging op die lang termyn in sowel die relatiewe as die absolute omvang van hierdie kategorie van die binnelandse besteding te herbevestig. Alhoewel die gemiddelde vlak van die reële owerheidsverbruiksbesteding in die eerste helfte van 1990 laer was as in die eerste helfte van 1989, was dit in die eerste drie kwartale van 1990 weer effens hoër as in die eerste drie kwartale van 1989.

Dit is onwaarskynlik dat die stijging in die reële owerheidsverbruiksbesteding in die jaar 1990 die stijging van 3½ persent in hierdie soort besteding in die jaar 1989 sal ewenaar. Oor die lang termyn beskou het die reële owerheidsverbruiksbesteding egter in verhouding tot die reële bruto binnelandse produk gestadig toegeneem van 11½ persent in die sestigerjare tot 13½ persent in die sewentigerjare, 16½ persent in die tagtigerjare en 17½ persent in die tweede helfte van die tagtigerjare. In die derde kwartaal van 1990 het dit 18 persent van die reële bruto binnelandse produk bedra.

Die totale reële bruto binnelandse vaste investering het in die derde kwartaal van 1989 sy kruin bereik en in die daaropvolgende drie kwartale teen hersiene jaarkoese van meer as 2 persent, ongeveer 2 persent en 2½ persent gedaal. Dit is in die derde kwartaal van 1990 deur 'n verdere inkrimping teen 'n jaarkoers van bykans 3 persent gevolg.

Dalings in die reële vaste kapitaalvorming is in die derde kwartaal van 1990 in sowel die private sektor as by die openbare owerhede aangeteken. Hierdie af-

Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



names het swaarder geweeg as die gelykydigte toename in die reële vaste investering deur die openbare korporasies. Die stijging in die derde kwartaal in die reële vaste investering deur die openbare korporasies het betekenis dat die opwaartse beweging wat hierdie investering vanaf die tweede kwartaal van 1988 getoon het (hoofsaaklik vanweë die investeringsbedrywigheide van Mossgas) weer hervat is.

Die totale reële bruto binnelandse vaste investering het taamlik indrukwekkend (naamlik met 20 persent) vanaf sy konjunkturele laagtepunt in die tweede kwartaal van 1987 tot sy konjunkturele hoogtepunt in die derde kwartaal van 1989 gestyg. By sy hoogtepunt in die derde kwartaal van 1989 was die totale reële bruto binnelandse vaste investering egter nog steeds sowat 7 persent laer as die gemiddelde vlak daarvan in 1985, wat op sy beurt weer 13½ persent laer was as die gemiddelde vlak wat die totale reële bruto binnelandse vaste investering in die rekord-investeringsjaar 1981 bereik het. In die derde kwartaal van 1990 was die totale reële vaste investering sowat 9½ persent laer as die gemiddelde vlak daarvan in 1985.

Die verswakking van die Suid-Afrikaanse vaste-investeringsprestasie in die derde kwartaal van 1989 is in die uitgawe van September 1990 van hierdie *Kwartaalblad* nie net toegeskryf aan konjunkturele faktore en aan verskeie soorte toenames in die sogenaamde gebruikerskoste van kapitaal nie, maar ook aan onsekerhede wat hul oorsprong het in die huidige en

verwagte maatskaplik-politieke ontwikkelings, die huidige gebrek aan duidelikheid en sekerheid oor die stelsel waarvolgens Suid-Afrika in die toekoms op maatskaplike en ekonomiese gebied georganiseer sal wees, onbestendige arbeidstoestande en burgerlike onrus. Hierbenewens word investeringsplanne ook ontmoedig deur die afwaartse druk op die bedryfsurpluses van sakeondernemings wat ontstaan uit die opwaartse druk op die eenheidsarbeidskoste.

'n Ontleding op institusionele basis toon dat die afname in die totale reële vastekapitaalvorming in die derde kwartaal van 1990 hoofsaaklik voortgespruit het uit opmerklike afnames in die reële vastekapitaalbesteding in die sektore fabriekswee en handel en in die kategorie konstruksie van *private woongeboue*. Verskeie faktore het van die begin van 1990 tot die verslappende neiging in die bou van private woongeboue bygedra. Hierby was byvoorbeeld ingesluit die betreklik hoë heersende *reële rentekoste* van verbandfinansiering; die feit dat die trapsgewyse instelling van die byvoordelebelasting op rentesubsidies met betrekking tot behuisingslenings nou sy voltooiing nader; die teen-sinnigheid van boukontrakteurs om bouwerk te verrig in Swart woongebiede wat deur geweld en burgerlike onrus aangetas is; en finansiële instellings se groeiende weerstand teen die toestaan van verbande vir behuising in Swart gebiede met 'n hoë risikofaktor, wat ook gebiede kan wees wat geraak word deur sekere verbandnemers se ongenameentheid om hul verbandlenings se skuldversorgingsverpligtings na te kom.

Die inkrimping van die reële vaste kapitaalvorming in die fabriekswee was onder ander ook 'n weerspieëeling van die normale konjunktuurverskynsel van 'n afname in die mate van kapasiteitsbenutting. 'n Verslapping van die tempo waarteen nuwe bou- en siviele-ingenieurskontrakte bevestig is, kon tot op sekere hoogte in al die hoofsektore van die ekonomie opgemerk word.

Die totale reële vaste kapitaalbesteding *deur die openbare sektor* het in die derde kwartaal van 1990

teen 'n beduidende snelheid teruggesak. Dit was die resultaat van aansienlike besnoeiings van die reële vastekapitaalbesteding deur die openbare owerhede; die betrokke verminderings het die toename in die reële vaste kapitaalbesteding deur die openbare korporasies meer as ten volle geneutraliseer. Die laer vlak van die reële vastekapitaalbesteding deur die openbare owerhede was 'n weerspieëling van verminderde kapitaaluitgawes deur al drie die vlakke van die algemene owerheid sowel as van 'n aanmerklike afname in die reële vastekapitaalbesteding deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese; in die voorafgaande nege maande is daar nog *toenames* in die reële kapitaalbesteding deur hierdie Departement aangeteken.


Netto *disinvestering* in die totale *reële voorrade* is in die derde kwartaal van 1990 vir die vyfde opeenvolgende kwartaal aangeteken, maar op 'n meer beperkte skaal as in die voorafgaande drie kwartale. Nie in die laaste plek nie vanweë die heersende betreklik hoë reële rentekoste wat aan die aanhou van voorrade verbonde is, het veral ondernemings in die handel en in die fabriekswese moeite gedoen om die omsettempo van hul voorrade te verhoog. Besuinigings op die aanhou van voorrade kon veral in die kleinhandel opgemerk word: die verhouding van die voorrade tot die afset het in die kleinhandelsektor van 'n gemiddelde van bykans 1½ maande se verkoop in 1989 tot 'n gemiddelde van slegs effens meer as 1 maand se verkoop in die eerste drie kwartale van 1990 gedaal.

Die afname in die tempo van die voorraadvermindering in die derde kwartaal van 1990 kon hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n effense *toename* in die landbouvoorraad-in-die-handel (wat verband gehou het met die insameling van die mielie-oes van 1989/90), en aan kleiner verminderings van die reële nywerheids- en handelsvoorraad. In die geval van die nywerheids- en handelsektore het die afbouing van die voorrade hoofsaaklik verlangsaam as die teenhanger van die inkrimping van die sogenaamde "netto buitelandse handelsbalans" tussen die goedere-invoer en die goedere-uitvoer, wat met R1,3 miljard vanaf ongeveer R14 miljard in die tweede kwartaal van 1990 tot R12,7 miljard in die derde kwartaal afgeneem het. As gevolg hiervan het die verhouding van die reële nywerheids- en handelsvoorraad tot die reële bruto binnelandse produk van die tweede tot die derde kwartaal bykans geen verandering getoon nie en het dit volgens raming in albei hierdie tydperke sowat 19½ persent beloop.

Faktorinkome

Die groei in die nominale bruto binnelandse produk teen markpryse van 1988 tot 1989, wat in die uitgawe van September 1990 van hierdie *Kwartaalblad* as 18½ persent aangedui is, is sedertdien afwaarts herseen tot 17½ persent. In die loop van die eerste drie kwartale van 1990 het die koers van toename in die totale nominale produksie teen markpryse oor periodes

Reële vaste investering in private woongeboue




van vier kwartale progressief van $14\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal tot 12 persent in die tweede kwartaal en $11\frac{1}{2}$ persent in die derde kwartaal verlangsaam.

Die afname in die groeitempo van die totale nominale produk teen markpryse het op 'n basis van kwartaal tot kwartaal selfs nog duideliker na vore gekom. Die jaarkoers van die toename in die nominale bruto binnelandse produk het van 'n gemiddelde van ongeveer 16 persent in die eerste twee kwartale van 1990 tot slegs $10\frac{1}{2}$ persent in die derde kwartaal ingekrimp. Dit was 'n weerspieëeling van die uitwerking wat die konjunkturele verlangsaming van die ekonomie op ondernemerswinste en op die totaal van die nominale arbeidsvergoeding gehad het, asook van die feit dat die toestand van die landbou in groot dele van die land verswak het terwyl 'n aantal van die wêreld se grondstofmarkte 'n verlies aan veerkrachtigheid getoon het. Die sektore en subsektore wat die mees opsigtelike deur hierdie gang van sake geraak is, was die landbou, elektrisiteit, gas en water, konstruksie, die handel en die finansiewese.

Die afname in die groei van kwartaal tot kwartaal in die totale nominale faktorvergoeding in die derde kwartaal van 1990 het voortgespruit uit meer gematigde toenames in die totale nominale arbeidsvergoeding sowel as in die nominale bruto bedryfsurplus van sakeondernemings. Die groei van kwartaal tot kwartaal in die *vergoeding van werknemers* het in die derde kwartaal van 1990 teruggesak ná 'n skerp versnelling in die tweede kwartaal, toe groot loon- en salarisaanpassings in die openbare sektor in werking getree het. Die verlangsaming van die groei in die totale nominale arbeidsvergoeding in die derde kwartaal was egter byna seker ook 'n weerspieëeling van 'n slapper toestand op die arbeidsmarkt in die formele sektor van die ekonomie buite die landbou gedurende daardie periode, wat afdankings en rasionalisering van personeel by ondernemings in verskeie nywerhede ingesluit het. Die gemiddelde vlak van die totale nominale arbeidsvergoeding in die eerste drie kwartale van 1990 was nietemin nog steeds 17 persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1989, teenoor 'n toename van jaar tot jaar van byna 18 persent wat van die kalenderjaar 1988 tot die kalenderjaar 1989 aangeteken is.

Die groei in die nominale *bruto bedryfsurplus* van 1988 tot 1989 is afwaarts hersien van $15\frac{1}{2}$ tot $13\frac{1}{2}$ persent. Dit was hoofsaaklik die gevolg van sekere belangrike hersienings van basiese brongegewens van die mynboubedryf. Soos ook deur die bygaande grafiek na vore gebring word, het die gemiddelde toename oor vier kwartale in die bruto bedryfsurplus in die eerste drie kwartale van 1990 tot ongeveer 8 persent ingekrimp. In die derde kwartaal van 1990 het hierdie toename, soos ook die jaarkoers van die toename in die bruto bedryfsurplus van *kwartaal tot kwartaal*, in werklikheid nie meer as ongeveer $6\frac{1}{2}$ persent beloop nie. Die mees onlangse afname in die groeikoers van die nominale bruto bedryfsurplus op 'n kwartaalbasis

Vergoeding van werknemers en bruto bedryfsurplus



was hoofsaaklik die gevolg van 'n sterk daling in hierdie surplus in die landbou, waardeur die toenames wat wel nog in 'n paar ander sektore van die ekonomie aangeteken is, gedeeltelik geneutraliseer is.

Die vinnige verwelking van die groei in die totale nominale bruto bedryfsurplus vanaf die tweede helfte van die opgangsjaar 1988 het gepaard gegaan met 'n bestendige toename in die aandeel van die totale nominale arbeidsvergoeding in die totale nominale faktorvergoeding, en wel vanaf die mees onlangse laagtepunt van hierdie verhouding van $56\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal van 1988 tot 60 persent in die derde kwartaal van 1990. Hierdie neiging in die rigting van 'n toenemende relatiewe belangrikheid van die arbeidsvergoeding in die totaal van alle faktorvergoedings het wydverspreid deur die ekonomie voorgekom. Dit was egter veral opmerklik in die mynhousektor, waar die arbeidsvergoeding in verhouding tot die totale voortgebrachte faktorinkome vinnig van 'n gemiddelde van 48 persent in die tweede helfte van 1989 tot 56 persent in die derde kwartaal van 1990 toegeneem het – in weerwil van pogings wat veral in die goudmynboubedryf doelbewus aangewend is om die aandeel van die loonuitbetalings in die totale lopende bedryfskoste op 'n aanneemlike peil te hou.

Die aandeel van die totale nominale arbeidsvergoeding in die totale nominale faktorvergoeding het 'n ken-

merkende neiging om te styg in die eindstadiums van konjunktuuropgange en die beginstadiums van konjunktuurafgange in die loop van 'n "normale" konjunktuurbeweging in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die relatiewe aandeel van 60 persent wat die totale nominale arbeidsvergoeding in die derde kwartaal van 1990 in die totale faktorinkome gehad het, was egter effens groter as op enige vorige tydstip, altans sedert die begin van die tagtigerjare. Die vergelykenderwys hoe peil van hierdie verhouding is bereik ten spyte van die afwaartse neiging wat die verhouding van die totale werkverskaffing in die formele sektor van die ekonomie tot die ekonomieses bedrywige bevolking getoon het – 'n neiging wat eweneens sedert die vroeë tagtigerjare na vore gekom het. Hierdie verdere bewys van die kragte wat op langer termyn aan die werk is om 'n herverdeling van faktorinkome te weeg te bring ten gunste van arbeid en ten koste van die bedryfsurplus in die formele sektor van die ekonomie, hou implikasies in vir die aansporings tot ondernemersbedrywigheid, vernuwing en investering, en derhalwe ook vir die ontwikkelingspotensiaal van die Suid-Afrikaanse ekonomie op die langer termyn.

Binnelandse besparing

Die binnelandse-besparingsverhouding, dit wil sê die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk, het van die tweede tot die derde kwartaal van 1990 min verandering getoon op 'n vlak wat in albei gevalle ongeveer 21½ persent beloop het. Die mate waarin die bruto binnelandse besparing die bruto binnelandse investering oorskry het, het egter – in ooreenstemming met die verdere verswakkings van die reële bruto binnelandse vaste investering ietwat toegeneem – van 7 persent in die tweede kwartaal van 1990 tot 8 persent in die derde kwartaal. Dit het gestrook met die groter oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans en het 'n verdere klein verbetering beteken in Suid-Afrika se vermoë om aan sy buitelandse-skuldterugbetalingverpligtings te voldoen.

Die betreklike konstantheid van die binnelandse-besparingsverhouding van die tweede tot die derde kwartaal van 1990 was die netto resultaat van 'n toename in die besparing deur die algemene owerheid, 'n effens hoër vlak van die besparing deur persone en 'n matige daling in die maatskappybesparing vanaf die vlakke wat in die vorige twee kwartale bereik is. Die betreklike gematigdheid van die afname in die maatskappybesparing in 'n duidelik minder gunstige sakemilieu, was 'n weerspieëeling van die goeie finansiële resultate wat wel nog deur maatskappye op verskeie terreine behaal is; oor die geheel gesien was maatskappye beter gestruktureer, het in gesonder balansstaatposisies verkeer, en was hulle beter daarop voorbereid om stygende koste te vermy of teen te werk, as wat in die voorafgaande twee konjunktuurafgange die geval was.

Die verbetering in die inkome-en-uitgawerekening van die algemene owerheid in die derde kwartaal van 1990, wat 'n verdere toename in die netto besparing deur die algemene owerheid beteken het, het hoofsaaklik uit hoër inkomste uit sowel direkte as indirekte belasting voortgespruit.


Die vlak van die netto persoonlike besparing het in die derde kwartaal van 1990 effens verbeter. Dit was die gevolg van 'n verdere toename in die reële persoonlike beskikbare inkome, wat voortgespruit het uit die feit dat die aanpassings van die vergoedingspakkette van werknemers die heersende inflasiekoers te bove gegaan het. Die voorsiening vir die verbruik van vaste kapitaal het in die derde kwartaal van 1990 sy bestendige opwaartse koers voortgesit.

Werkverskaffing

Die totale werkverskaffing in die ekonomie buite die landbousektor het in die loop van die konjunktuuropgang van 1986-89 (dit wil sê van die eerste kwartaal van 1986 tot die eerste kwartaal van 1989) met minder as 3,0 persent toegeneem, teenoor toenames in die werkverskaffing van 11,5 persent en 12,6 persent in die konjunktuuropgange van 1972-74 en 1978-81. 'n Toename van jaar tot jaar van 1,2 persent in die gevorderde opgangsjaar 1988 is in 1989 deur 'n toename van jaar tot jaar van slegs 0,5 persent gevolg.

In die loop van 1989 is die seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van toenam in die totale werkverskaffing

Verhouding van formele nie-landbouwerkverskaffing tot ekonomieses bedrywige bevolking



buite die landbou van 0,6 en 1,0 persent in die tweede en die derde kwartaal deur 'n afname teen 'n jaarkoers van 0,9 persent in die vierde kwartaal gevvolg. Dit is op sy beurt in die eerste kwartaal van 1990 weer gevvolg deur 'n hernieuwe toename teen 'n koers van nie minder nie as 2,8 persent.

Die hernieuwe toenames in die werkverskaffing in die eerste kwartaal van 1990 het in belangrike mate bestaan uit 'n ongedaanmaking van personeelvermindering wat in die laaste kwartaal van 1989 bewerkstellig is (veral deur heraanstellings van personeel wat tydens die staking by die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste van November 1989 tot Januarie 1990 uit die SAVD bedank het of deur die SAVD afgedank is). Betekenisvolle toenames in die werkverskaffing het in die eerste kwartaal van 1990 egter ook voorgekom in (onder ander sektore en sub-sektore) die fabriekswese, die konstruksiebedryf, die mynbou buite die goudmynbou, die kleinhandel en sekere ander dienstebdrywe. Daarteenoor het die algemene owerheid, die goudmynbedryf, die groothandel en die motorhandel (onder ander sektore en sub-sektore) personeelbesoeplings en -verminderinge getoon.

In die tweede kwartaal van 1990 het die werkverskaffing in die grootste deel van die ekonomie buite die landbou – met slegs enkele uitsonderings, soos in die mynbou anders as die goudmynbou, die bouverenigings en die versekeringsbedryf – afgeneem. Die jaarkoers van afname in die totale nie-agrariese werkverskaffing het in hierdie kwartaal 2,1 persent beloop.

Die totale werkverskaffing in die *private* sektor buite die landbou het in die derde kwartaal van 1989 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,1 persent toegeneem en daardeur die afnames in die werkverskaffing in die voorafgaande twee kwartale geneutraliseer. Nadat dit in die vierde kwartaal van 1989 teen 'n geringe jaarkoers van 0,4 persent afgeneem het, het die werkverskaffing in die private sektor buite die landbou in die eerste kwartaal van 1990 teen 'n merkwaardig hoe jaarkoers van nie minder nie as 4,0 persent herstel. Die resessieneigings in die ekonomie het vervolgens egter meegebring dat dit in die tweede kwartaal weer teen 'n koers van 2,1 persent afgeneem het.

Die werkverskaffing *deur die openbare owerhede* het van die derde kwartaal van die opgangsjaar 1988 tot die tweede kwartaal van 1989 teen versnellende koers toegeneem, maar in die derde kwartaal van 1989 tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van 0,7 persent teruggesak. Net soos die werkverskaffing in die private sektor het dit in die vierde kwartaal van 1989 afgeneem (teen 'n koers van 2,1 persent). Nadat dit in die eerste kwartaal van 1990 min verandering getoon het, het die werkverskaffing deur die openbare owerhede – weer eens soos dié in die private sektor – in die tweede kwartaal van 1990 andermaal afgeneem, en wel teen nagenoeg dieselfde jaarkoers van 2,1 persent.

Wat die jaar 1989 betref, was die toename in die ge-

Oortydure as persentasie van gewone ure gewerk



middelde vlak van die werkverskaffing deur die openbare owerhede – by lae vlakke van albei die betrokke groeiende – beduidend hoër as die toename in die werkverskaffing in die private sektor. Die werkverskaffing deur die openbare owerhede het van 1988 tot 1989 met 1,1 persent toegeneem. Daarteenoor het die gemiddelde vlak van die werkverskaffing in die private sektor van die eerste na die tweede van hierdie twee jare slegs baie min verandering getoon (naamlik van 0,3 persent). Die bykans volkome stagnasie van die werkverskaffing in die *formeel* private sektor in die vroeë afgangsjaar 1989 kan met 'n matige afname (van 0,6 persent) in hierdie soort werkverskaffing in die afgangsjaar 1985 vergelyk word.

Die verhouding van *oortydure* tot normale ure gewerk het in die fabriekswese van die derde kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal en Julie 1990 afgeneem. In die konstruksiebedryf het hierdie verhouding reeds vanaf die tweede kwartaal van 1989 begin daal. Dit het in die tweede kwartaal van 1990 kortstondig herstel, maar in Julie weer eens afwaarts beweeg.

Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde *werkloses* in die Blanke, Kleurling- en Asiérbevolkingsgroepe het per saldo vanaf sy hoogtepunt van 82 300 teen die einde van die afgang van 1984-86 gedaal tot sy laagste punt binne die afgelope ses jaar van 42 000 persone, wat eers so onlangs as Desember 1989 (dit wil sê betreklik diep in die huidige konjunktuurafgang) bereik is. Daarna het dit in Mei en Junie 1990 (toe dit onderskeidelik 53 600 en 52 600 beloop het) weer tot vlakke van meer as 50 000 teruggekeer. Die tempo van hierdie toename in die werkloosheid onder die be-

trokke bevolkingsgroepe was in die vyfde kwartaal van die huidige konjunktuurafgang nietemin beduidend laer as gedurende vergelykbare periodes en in soortgelyke stadiumse van die voorafgaande drie afwaartse konjunkturbewegings in die ekonomie.

Die seisoensaangesuiwerde totale aantal geregistreerde werklose werkers het, in teenstelling met die werkloosheid onder Blankes, Kleurlinge en Asiërs, per saldo van 'n onlangse laagtepunt van 108 900 in Januarie 1989 tot 138 900 in Mei 1990 en 136 000 in Junie toegeneem. Hierdie syfers was op min of meer dieselfde vlak as die voorafgaande hoogtepunt in die totale geregistreerde werkloosheid in September 1987.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die koers van toename van jaar tot jaar in die gemiddelde jaarlikse bedrag van die nominale lone en salaris per werker in die ekonomie buite die landbousektor het bestendig van 11,4 persent in 1985 tot 18,3 persent in 1989 versnel. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale loon per werker het van 14,3 persent in die vierde kwartaal van 1988 tot 18,3, 17,2, 18,4 en 19,4 persent in die vier opeenvolgende kwartale van 1989 gestyg, maar tot 13,9 persent in die eerste kwartaal van 1990 teruggesak. Daarna het dit in die tweede kwartaal weer tot 17,1 persent versnel.

Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale lone en salaris per werker in die *private* sektor buite die landbou het in die vier opeenvolgende kwartale


van 1989 15,5, 16,9, 15,9 en 18,3 persent beloop (wat 'n gemiddelde toename van 16,7 persent beteken het). Hierdie koerses het vervolgens in die eerste twee kwartale van 1990 verder gestyg (tot 17,8 en 16,2 persent, vir 'n gemiddelde van 17,0 persent) – ondanks die ietwat swakker ekonomiese toestand, die feit dat die werkverskaffing in die private sektor in die tweede kwartaal van 1990 gedaal het, en die feit dat die geregistreerde werkloosheid in die eerste helfte van 1990 toegeneem het.

Volgehoue vinnige stygings in die nominale lone, en selfs versnellings (of *verdere* versnellings) van sodanige stygings, in die vroeë stadiumse van konjunktuurafgange – met 'n begeleidende uitwerking op die gemiddelde *reële* loon van werkers – was in die verloop van die na-oorlogse Suid-Afrikaanse konjunkturgolf geen ongewone verskynsel nie. Soos die bygaande grafiek toon, was die kumulatiewe stygging in die nominale loon per werker in die private sektor buite die landbou gedurende die eerste vyf kwartale van die huidige afwaartse fase van die konjunkturgolf egter aansienlik groter as die kumulatiewe stygging in die nominale loon per werker oor soortgelyke tydperke in die konjunktuurafgange van 1971-72 en 1984-86. Dit was selfs beduidend groter as die kumulatiewe stygging in die geldloon per werker gedurende vergelykbare periodes in die afgangsfases van 1974-77 en 1981-83.

In hierdie verband moet dit in gedagte gehou word dat laasgenoemde twee afwaartse konjunkturbewegings groot gedeeltes ingesluit het van die "ontploffings" in die lone wat gepaard gegaan het met en gevolg het op die goudprys-bloeperiodes en die sterk opwellings van die winste in 1973-74 en 1979-80; geen soortgelyke "eksterne" gebeurtenis kan egter help om te verklaar waarom die nominale loon per werker in die private sektor sedert vroeg in 1989 sy waargenome sterk opwaartse verloop getoon het nie. Hierbenewens het die meer onlangse sterk opstuwing van die geldloon per werker plaasgevind in 'n werkgeleenthedstoestand in die formele sektor van die ekonomie wat ongunstig afgestek het by dié wat gedurende vorige afgangstydperke geheers het. Hierdie ontwikkelings duif op 'n "outonome" element in die onlangse geldloonsverhogings wat – tesame met die inflasieverwagtings – 'n groot deel van die onlangse en huidige inflasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie verklaar.

Die toenames oor vier kwartale in die nominale lone en salaris per werker in diens van die *openbare owerhede* het in die vier kwartale van 1989 relatief baie hoë koerses van 24,4, 17,7, 24,0 en 22,1 persent bereik, maar in die eerste kwartaal van 1990 skerp tot slegs 6,0 persent teruggesak. Daarna het dit in die tweede kwartaal weer tot 'n hoë peil van 19,0 persent versnel. Soos egter reeds by vorige geleenthede opgemerk is, is 'n hoë mate van wisselvalligheid in die koers van salarisaanpassings oor periodes van vier kwartale 'n reeds lank bestaande kenmerk van die personeel-omstandighede in die staatsdiens. Algemene loons-

Gemiddelde vergoeding per werker in private nie-landbousektore



en salarisverhogings in die openbare sektor het in 1990 oor die algemeen eers vanaf die tweede kwartaal in werking getree; in 1989 is 'n aantal belangrike jaarlike aanpassings daarenteen reeds vanaf die begin van die jaar van toepassing gemaak.

Die *reële loon* per werker buite die landbou het in 1988 met 2,3 persent en in die vroeë afgangsjaar 1989 met 'n verdere 3,2 persent toegeneem. In die loop van 1989 het die koers van toename oor vier kwartale in die gemiddelde reële loon van 2,0 persent in die tweede kwartaal tot 2,8 en 3,9 persent in die derde en die vierde kwartaal gestyg. In die eerste kwartaal van 1990 het die opmerklike insinking in die toename oor vier kwartale in die *nominale loon* per werker – wat gedeeltelik ontstaan het uit die reeds genoemde uitstel van die salarisaanpassings in die openbare sektor – egter meegebring dat hierdie toename tydelik deur die toename oor vier kwartale in die verbruikersprysindeks oorskry is. As gevolg hiervan was die gemiddelde reële loon per werker in die eerste kwartaal van 1990 0,9 persent laer as in die eerste kwartaal van 1989. Dit was die eerste daling in die reële loon per werker oor 'n periode van vier kwartale sedert die derde kwartaal van 1987. In die tweede kwartaal van 1990 was die reële loon per werker egter weer 'n betekenisvolle 2,7 persent hoër as 'n jaar vroeër.

Die *arbeidsproduktiwiteit* buite die landbou het in 1987 met 0,9 persent, in 1988 met 'n betreklik indrukwekkende 2,7 persent en in 1989 met 1,1 persent toegeneem. Op 'n kwartaallikse grondslag het die verbetering in die arbeidsproduktiwiteit oor vier kwartale van 3,2 persent in die vierde kwartaal van 1988 tot 2,2 persent in die tweede kwartaal van 1989 en tot bykans nul in die derde kwartaal ingekrimp. Daarna het die arbeidsproduktiwiteit in die laaste kwartaal van 1989 en in die eerste twee kwartale van 1990 teen koerse oor vier kwartale van 0,2, 1,2 en 1,0 persent *afgeneem*.

As 'n weerspieëeling van die versnelde styging in die nominale lone en van die verlangsaming van die produktiwiteitsaanwas in 1989, het die *nominale arbeidskoste per eenheid fisiese produksie* in 1989 met 17,1 persent toegeneem. Die toename oor vier kwartale in hierdie koste het van 10,7 persent in die vierde kwartaal van 1988 tot onrusbarend hoë koerse van 18,4 en 19,6 persent in die derde en die vierde kwartaal van 1989 versnel. Daarna het dit in die eerste kwartaal van 1990 tot 15,3 persent teruggesak (as gevolg van die daling in die toename oor vier kwartale in die gemiddelde geldloon gedurende daardie kwartaal), maar in die tweede kwartaal na 18,2 persent teruggekeer.

Die toename van jaar tot jaar in die *reële arbeidseenheidskoste* het in 1989 tot 2,0 persent gestyg, hoofsaaklik vanweë die verlangsaming van die produktiwiteitsaanwas gedurende daardie jaar. Die reële arbeidseenheidskoste het in die tweede kwartaal van 1989 nog steeds marginaal afgeneem (naamlik teen 'n koers oor vier kwartale van 0,2 persent), maar in die derde en die vierde kwartaal teen koerse van nie minder nie as

2,7 en 4,0 persent gestyg. In die eerste kwartaal van 1990 het die taamlik aanmerklike daling oor vier kwartale in die gemiddelde reële loon van werkers buite die landbou meegebring dat die toename oor vier kwartale in die reële arbeidseenheidskoste tot 0,3 persent ingekrimp het. In die daaropvolgende drie maande het hierdie koers van toename egter weer tot 'n hoë peil van 3,7 persent opgeskiet.


Inflasie

As 'n weerspieëling van die afkoeling van die ekonomiese, van die verskillende faktore wat tot die sterking en stabiliteit van die wisselkoers van die rand bygedra het, en van die regstreekse en onregstreekse uitwerking van die owerhede se uitdrukklik anti-inflasionele beleidshouding, het die inflasie soos dit aan die hand van die belangrikste prysindeks gemeet word, vanaf ongeveer die middel van 1989 tot ongeveer Julie 1990 beduidend verlangsamaan. In die besonder het die inflasie soos dit deur die koers van toename oor twaalf maande in die produksieprysindeks gemeet word, veral in die eerste kwartaal van 1990 teen 'n indrukwekkende tempo teruggesak.

Militêr-politieke gebeure in die Midde-Ooste vanaf vroeg in Augustus 1990 en die uitwerking wat dit op die internasionale prys van ruolie en op die binne-landse prys van vloeibare brandstowwe gehad het, het meegebring dat die afwaartse neiging van die binnelandse inflasiekoerse onderbreek en omgekeer is. Verhogings van 8,5 en 9,8 persent van die binne-landse prys van petrol en dieselbrandstof is met ingang van 4 September 1990 deur die Nasionale Energieraad ingestel; dit word beraam dat hierdie verhogings die verbruikersprysindeks regstreeks met 0,5 persent laat toeneem het. Verdere verhogings van die prys van vloeibare brandstowwe – wat van 22,3 tot 26,9 persent gewissel het – is in Oktober 1990 aangekondig. Hierdie meer onlangse verhogings sou die verbruikersprysindeks volgens ramming regstreeks met 'n verdere 1,2 persent kon laat toeneem. Vanweë meer onlangse dalings in die internasionale ruolie-prys is die prys van petrol met ingang van 12 November 1990 egter weer met 9,6 persent verlaag.

Soos voorheen opgemerk is, word "outonome" invloede van kostedruk ook deur die verhoogde vlak van vakbondbedrywigheid en -strydbaarheid in die tans heersende sakeklimaat op die algemene pryspeil uitgeoefen. Nie-amptelike opnameresultate toon dat die vakbonde in die eerste helfte van 1990 daarin geslaag het om jaarlikse nominale loonsverhogings vir hul lede te beding wat gemiddeld meer as 20 persent beloop het. Vir sover die looneise vergoeding soek vir inflasie wat reeds in die verlede plaasgevind het, kan die gemiddelde peil van hierdie loonskikkings vergelyk word met die stygings van 14,5 en 12,1 persent wat van die eerste helfte van 1989 tot die eerste helfte van 1990 in die gemiddelde vlakke van die verbruikersprysindeks en van die produksieprysindeks aangeteken is. Vir

Produksiepryse



sover die looneise daarna streef om beskerming teen *verwagte inflasie* te bied, kan opgemerk word dat die huidige vooruitskatting van die inflasie in die verbruikerspryse van die eerste helfte van 1990 tot die eerste helfte van 1991 oor die algemeen heelwat laer as 20 persent is.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van *ingevoerde goedere* het van die tweede kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1990 dramaties gedaal. Dit was 'n weerspieëeling van die nog steeds taamlik beperkte inflasie in die lande van oorsprong van die Suid-Afrikaanse invoergoedere, van die hoë mate van stabilitet van die wisselkoers van die rand vanaf die derde kwartaal van 1989, en van die feit dat die bo-belasting op invoergoedere in die Sentrale Regering se Begroting vir 1990/91 verlaag is. Die toenames van kwartaal tot kwartaal in die prys van *ingevoerde goedere* het per saldo van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 26,8 persent in die tweede kwartaal van 1989 tot 7,5 persent in die eerste kwartaal van 1990 teruggesak; daarná het hierdie koers in die tweede kwartaal van 1990 nog verder ingekrimp

tot slegs 2,9 persent. In die derde kwartaal het die prys van ingevoerde goedere, ondanks die styging in die wêreldpryse van ruolie in daardie kwartaal, nagenoeg stabilitet bereik, toe dit teen 'n jaarkoers van slegs 0,5 persent gestyg het.

Die koers van toename in die prys van ingevoerde goedere *oor twaalf maande* het van sy jongste hoogtepunt van 19,3 persent in Junie 1989 tot slegs 4,1 en 4,4 persent in Augustus en September 1990 teruggesak. Die koers van toename in hierdie prys oor twaalf maande wat in Augustus en September 1990 aangeteken is, was die laagste sodanige styngskoers sedert die styging van 3,9 persent in Mei 1984.

Die toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van *binnelands-geproduseerde goedere* het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 18,1 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot 'n jaarkoers van 9,7 persent in die eerste kwartaal van 1990 verlangsaam. Daarna het dit skerp maar kortstondig weer tot 14,2 persent in die tweede kwartaal van 1990 versnel, maar weer tot 13,8 persent in die derde kwartaal afgeneem. Die koers van toename in die binnelandse produksiepryse *oor periodes van twaalf maande* het van sy hoogtepunt in 1989 van 15,4 persent in Mei van daardie jaar tot 11,6 persent in Julie 1990 teruggesak. Die daaropvolgende herversnelling van hierdie koers tot 13,6 persent in September 1990 was te wyte aan vinniger toenames in die prys van 'n groot reeks binnelands-geproduseerde goedere, wat skerp verhoggings van die tariewe vir elektrisiteit, gas en water sowel as stygings in die prys van petroleumprodukte en steenkool ingesluit het.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die totale *produksieprysindeks* (wat in wese die bewegings in die prysindeks vir binnelands-geproduseerde goedere navolg, maar wat momenteel op 'n ietwat laervlak as laasgenoemde geleë is) het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarvlak van 17,9 persent in die tweede kwartaal van 1989 tot 'n enkelsyervlak (van 9,2 persent) in die eerste kwartaal van 1990 afgeneem, maar weer tot 11,8 persent in die tweede kwartaal versnel. Daarna het dit weer tot 11,2 persent in die derde kwartaal verlangsaam. Die koers van toename *oor twaalf maande* in die produksieprysindeks het op bemoedigende wyse van sy hoogtepunt van 15,8 persent in Mei 1989 tot 11,6 persent in Maart en April 1990 en tot slegs 10,3 persent in Julie afgeneem. Daarna het dit weer effens tot 10,5 persent in Augustus en skerp en skielik tot 11,8 persent in September versnel.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die *verbruikersprysindeks*, ná seisoensaansuiwing en verheffing tot 'n jaarkoers, het van sy onlangse hoogtepunt van 18,0 persent in die tweede kwartaal van 1989 tot 13,1 persent in die tweede kwartaal van 1990 gedaal. Hierdie afwaartse beweging, wat oor minder as vyf persentasiepunte gestrek het, het klaarblyklik nie daarin geslaag om die meer indrukwekkend

Verbruikerspryse



kende afname (van bykans nege persentasiepunte) in die koers van toename in die produksiepryse van die tweede kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1990 te ewenaar nie. In die derde kwartaal van 1990 het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die verbruikersprysindeks weer tot 13,6 persent versnel, hoofsaaklik vanweé vinniger toenames in die prys van lewensmiddele (veral vleis), motorvoertuie en vervoerdienste.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van verbruiksgoedere was van die tweede kwartaal van 1989 tot die derde kwartaal van 1990 – met uitsondering van die eerste kwartaal van 1990 – deurlopend hoër as die ooreenstemmende koers van toename in die prys van verbruikersdienste. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van verbruiksgoedere het per saldo van sy hoogtepunt van 18,4 persent in die tweede kwartaal van 1989 tot 'n laagtepunt van 13,8 persent in die tweede kwartaal van 1990 gedaal, maar vervolgens weer tot nie minder nie as 17,4 persent in die derde kwartaal van 1990 versnel. In teenstelling hiermee het die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van verbruikersdienste per saldo van sy hoogtepunt van 17,2 persent in die eerste kwartaal van 1989 tot 11,4 persent in die tweede kwartaal van 1990 teruggesak; daarnaá het dit verder afgeneem tot 'n vergelykenderwys baie gematigde peil van 6,6 persent in die derde kwartaal.

Die koers van toename oor twaalf maande in die verbruikersprysindeks het van sy hoogtepunt in 1989 van 15,7 persent in Junie van daardie jaar tot 13,3 persent in Julie 1990 afgeneem. Dié vergelykenderwys beperkte afname het gedien om duidelik te maak dat daar tot dusver nog betreklik min vordering gemaak is met die beteueling van die inflasie in die verbruikerspryse volgens die mees gebruiklike meetwyse daarvan. Die koers van toename in die verbruikerspryse oor twaalf maande het vervolgens weer tot 13,6 persent in Augustus 1990 (voor die uitwerking van die olie- en

brandstofprysverhogings voelbaar geword het) en tot 14,3 persent in September versnel, maar in Oktober effens afgeneem tot 14,0 persent.

Die hardnekkigheid van die inflasie in die prys van verbruiksgoedere (tesame met die uitwerking wat die konfliktsituasie in die Midde-Ooste op hierdie prys gehad het) het ook ten grondslag gelê aan die hervesnelling wat die totale verbruikersprysinflasie in Augustus-September 1990 getoon het. Die koerse van toename oor periodes van twaalf maande in die prys van voedsel en van verbruiksgoedere het in September en Oktober 1990 onderskeidelik 17,3 en 15,9 persent en 16,0 en 15,2 persent beloop, in vergelyking met koerse van toename oor twaalf maande in die totale verbruikersprysindeks wat in hierdie twee maande 14,3 en 14,0 persent bedra het. In teenstelling hiermee het die koerse van toename oor twaalf maande in die prys van verbruikersdienste in September en Oktober 1990 nog op 'n duidelik laer peil van onderskeidelik 11,5 en 12,0 persent te staan gekom..

Betalingsbalans en wisselkoerse

Lopende rekening


Die oorskot op die lopende rekening van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans het van R5,6 miljard (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers) in die eerste kwartaal van 1990 tot R3,6 miljard in die tweede kwartaal vernou. Daarna het dit, ten spyte van 'n matige verdere stygging in die reële bruto binnelandse besteding gedurende die betrokke tydperk, weer beduidend tot R4,2 miljard in die derde kwartaal van 1990 toegeneem.

Die oorskot op die lopende rekening in die derde kwartaal van 1990 was effens groter as die gemiddelde van R4,0 miljard van die vyf voorafgaande kwartaallikse oorskotte in die konjunktuurafgang van 1989-90 tot dusver. Voor seisoensaansuiwering en verheffing tot 'n jaarkoers het die kumulatiewe oorskot in die eerste drie kwartale van 1990 R3,5 miljard beloop. Dit kan vergelyk word met die oorskot van R3,1 miljard wat in die volle kalenderjaar 1989 aangeteken is.

Die verstewiging van die oorskot op die lopende rekening in die derde kwartaal kon in hoofsaak verklaar word aan die hand van 'n toename van ongeveer 8½ persent in die waarde van die goedere-uitvoer, tot op 'n vlak wat, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R42,9 miljard, byna 'n rekord behaal het. Tesame met 'n effense verdere afname in die netto dienste- en oordragbetelings aan nie-inwoners, het hierdie stygging in die waarde van die goedere-uitvoer die gesamentlike invloed van 'n stygging van 5½ persent in die waarde van die goedere-invoer en van 'n afname van 2½ persent in die waarde van die netto gouduitvoer meer as ten volle geneutraliseer.

Die aanmerklike stygging in die waarde van die *goedere-uitvoer* vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R39,5 miljard in die tweede kwartaal van 1990 tot R42,9 miljard in die derde kwartaal is verklaar deur aansienlike stygtings in die hoeveelhede van die uitvoer sowel as in die uitvoerpryse. Hoofsaaklik vanweë groter uitgevoerde hoeveelhede edelmetale en vervoertoerusting, het die totale *omvang* van die

Betalingsbalans



fisiese goedere-uitvoer van die tweede tot die derde kwartaal van 1990 met bykans 5 persent gestyg, tot die derde-hoogste vlak wat ooit daarin aangeteken is; hierbenewens was die totale fisiese omvang van die uitvoer in die derde kwartaal slegs effens laer as by die twee rekordhoogtepunte wat dit in die eerste kwartaal van 1990 en die tweede kwartaal van 1989 bereik het. As gevolg hiervan was die gemiddelde vlak van die fisiese goedere-uitvoer in die eerste drie kwartale van 1990 ongeveer 5½ persent hoër as in die eerste drie kwartale van die voorafgaande jaar.

Die gemiddelde vlak van die goedere-uitvoerpryse het van die tweede tot die derde kwartaal van 1990


Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljoene

	1989	1990	
	Jaar	1e kw	2e kw
Goedere-uitvoer	39 085	41 660	39 527
Netto gouduitvoer	19 228	17 793	18 500
Goedere-invoer	-44 322	-43 577	-44 140
Netto dienste- en oordragbetelings	-10 883	-10 299	-10 264
Saldo op lopende rekening	3 108	5 577	3 623
			4 232

Reële goedere-invoer en -uitvoer



met 3½ persent gestyg. Hierdie taamlik aansienlike verstewiging van die uitvoerpryspeil het in die eerste plek voortgespruit uit 'n klein herstel van sekere internasionale grondstofpryse (in die besonder dié van rhodium, nikkel en ferro-mangaan), en in die tweede plek uit 'n daling van 1,2 persent in die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand. In teenstelling met die verloop van sake gedurende die oliekrisisse van 1973-74 en 1979-80, het die internasionale prys van olieplaasvervangers soos steenkool en uraan in gebreke gebly om gedurende die eerste twee maande ná Irak se inval van Koeweit op die krisissituasie in die Midde-Ooste te reageer.

Die toename van 5½ persent in die waarde van die *goedere-invoer* van die tweede tot die derde kwartaal van 1990 is meer as ten volle verklaar deur 'n styging van 9½ persent in die fisiese *omvang* van hierdie invoer. As 'n verrassende verskynsel het die *hoeveelheid* van die goedere-invoer in die derde kwartaal van 1990 (dit wil sê in die sesde kwartaal van die huidige konjunktuurafgang) op die tweede-hoogste vlak gestaan wat dit sedert die vroeë tagtigerjare bereik het, waarby dit gedurende hierdie periode slegs deur die *hoeveelheid* van die invoer in die tweede kwartaal van 1989 oortref is; die *waarde* van die invoer was, met uitsondering van die vlak daarvan in die tweede kwartaal van 1989, op die hoogste peil wat ooit daarin aangeteken is. Die *invoerpenetrasieverhouding* (dit wil sê die verhouding van die reële goedere-invoer tot die reële bruto binnelandse besteding) was op soortgelyke wyse in die derde kwartaal van 1990 op sy tweede-hoogste vlak sedert laat in 1986. Op sy peil van 24,3

persent was hierdie verhouding ook aansienlik hoër as die gemiddelde waarde daarvan van 22,8 persent waarop dit in die gevorderde opgangjaar 1988 te staan gekom het.


Die styging in en die hoë vlak van die invoerhoeveelhede in die derde kwartaal van 1990 was in belangrike mate egter die gevolg van toenames in die hoeveelhede van die invoer van mineraalprodukte. Selfs indien mineraalprodukte *ingesluit* word, was die *gemiddelde* vlak van die invoerhoeveelhede in die eerste *drie* kwartale van 1990 ongeveer 3½ persent laer as in die eerste drie kwartale van 1989. As mineraalprodukte *uitgesluit* word, het die totale fisiese omvang van die goedere-invoer van die tweede tot die derde kwartaal van 1990 gedaal; die *gemiddelde* vlak van die fisiese invoer met uitsondering van mineraalprodukte was in die eerste drie kwartale van 1990 in werklikheid 'n aansienlike 8 persent laer as in die eerste drie kwartale van die voorafgaande jaar.

Die gemiddelde vlak van die *invoerpryse* was in die derde kwartaal van 1990 3½ persent laer as in die tweede kwartaal. Dit is dus nog nie wesentlik beïnvloed deur die skielike skerp styging in die wêreldpryse van ruolie wat vanaf die laaste week van Julie ingetree het nie.

Die waarde van die *netto gouduitvoer* het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R18,5 miljard in die tweede kwartaal van 1990 tot R18,0 miljard in die derde kwartaal gedaal, in weerwil van die feit dat die kwartaallikse gemiddelde goudprys van die eerste tot die tweede van hierdie periodes van VSA\$365 tot VSA\$382 en van R970 tot R990 per fyn ons verstewig het.

Die daaglikse gemiddelde vasstellingsprys van goud het vanaf sy laagtepunt gedurende 1990 tot dusver van \$346 per fyn ons op 14 Junie, en vanaf \$360 op 20 Julie (vóór die besetting van Koeweit deur Irak), tot 'n hoogtepunt van \$414 op 23 Augustus gestyg. Daarna het

Goud- en oliepryse



dit egter tot vlakke van minder as \$370 op 17 Oktober teruggesak. Gedurende die periode van 1 Januarie 1990 tot aan die einde van Oktober het die gemiddelde daaglikse vasstellingsprys van goud \$384 per fyn ons beloop.


Die netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners het, ná seisoensaansuiwing en teen 'n jaarkoers bereken, in die vierde kwartaal van 1989 'n historiese hoogtepunt van R12,0 miljard bereik, maar in die eerste sowel as die tweede kwartaal van 1990 tot R10,3 miljard en van daar af effens verder tot R10,1 miljard in die derde kwartaal teruggesak. Toenames in die betalings aan nie-inwoners het ontstaan uit hoër Suid-Afrikaanse reisbestedings in die buiteland en uit hoër heffings van vrag- en versekeringsgelde wat met die hoë vlak van die goedere-invoer verband gehou het. Hierdie toenames is egter marginaal oorskry deur verhoogde betalings van dividende en rente deur buitelandse partye aan Suid-Afrikaners en deur laer rentebetalings op Suid-Afrika se buitelandse skuld.

Kapitaalrekening

'n Invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie is in die derde kwartaal van 1990 vir die eerste keer sedert die derde kwartaal van 1987 op die kapitaalrekening van die betalingsbalans aangeteken. Uitvloeulings van kapitaal van R0,4 miljard en R2,2 miljard het in die eerste en die tweede kwartaal van 1990 voorgekom; die netto invloeiing van kapitaal van R1,5 miljard in die derde kwartaal het die kumulatiewe netto uitvloeiing in die eerste drie kwartale van 1990 dienooreenkomsdig tot R1,1 miljard verminder. Dit kan vergelyk word met totale netto uitvloeulings van nie-reserweverwante kapitaal wat in die eerste drie kwartale van 1989 en in die volle jaar 1989 onderskeidelik R3,2 miljard en R4,3 miljard beloop het.

Die totale netto invloeiing van nie-reserweverwante kapitaal in die derde kwartaal van 1990 het ommeswaai van uitvloeulings na invloeiings van langtermynsowel as korttermynkapitaal omvat. Die langtermynkapitaalbewegings het van 'n uitvloeiing van nie

Netto kapitaalbewegings



minder nie as R1,2 miljard in die tweede kwartaal van 1990 na 'n invloeiing van R0,8 miljard in die derde kwartaal omgeslaan; die grootste deel van hierdie invloeiing het uit projekfinansiering deur openbare sakeondernemings, openbare korporasies en die private sektor bestaan. Die bedrag aan buitelandse skuld (sowel binne as buite die stilstandnet) wat aflosbaar geword het, het van ongeveer VSA\$1,2 miljard in die

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1989	1990			
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw	
Langtermynkapitaal					
Openbare owerhede		-646	-206	-673	47
Openbare korporasies		436	473	-35	279
Private sektor		-1 020	-1 204	-482	495
Totale langtermynkapitaal		-1 230	-937	-1 190	821
Korttermynkapitaal insluitende onaangetekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes		-3 115	531	-1 000	721
Totale kapitaalbewegings uitsluitende laste verwant aan reserwes		-4 345	-406	-2 190	1 542

tweede kwartaal van 1990 tot VSA\$0,4 miljard in die derde kwartaal ingekrimp. Verreweg die grootste deel van die bedrag aan terugbetalingsverpligtings in die derde kwartaal het bestaan uit skuld buite die stilstand-net in die vorm van toondereffekte wat hul vervaldatum bereik het.

Die korttermynkapitaalbewegings (met uitsluiting van veranderings in reserweverwante laste, maar met inbegrip van onaangetekende transaksies) het van 'n uitvloeiing van R1,0 miljard in die tweede kwartaal van 1990 tot 'n beduidende invloeiing van R0,7 miljard in die derde kwartaal omgeswaai; dit was die grootste invloeiing van hierdie aard wat sedert die derde kwartaal van 1987 aangeteken is. Die grootste deel van die invloeiing in die derde kwartaal het bestaan uit handelsfinansiering, wat 'n weerspieëeling was van die hoë vlak van die invoer en die depresiasi van die dollar in die derde kwartaal. Die kumulatiewe netto invloeiing van R0,3 miljard aan korttermynkapitaal in die eerste drie kwartale van 1990 kan met 'n totale netto uitvloeiing van R2,3 miljard in die eerste drie kwartale van 1989 vergelyk word.

Buitelandse reserwes

Suid-Afrika se totale *netto* goud- en ander buitelandse reserwes het in die eerste kwartaal van 1990 met R1,9 miljard gestyg, maar in die tweede kwartaal met R1,4 miljard gedaal. In die derde kwartaal het die oorskot op die lopende rekening, tesame met die grootste netto invloeiing van nie-reserweverwante kapitaal sedert die vierde kwartaal van 1982, tot gevolg gehad dat die totale netto buitelandse reserwes met R2,0 miljard gestyg het. Die netto stygging in die netto reserwes in die eerste nege maande van 1990 het dienooreenkomsdig

R2,5 miljard beloop. Dit het gevolg op 'n daling van R1,2 miljard in die netto reserwes gedurende die jaar 1989.

Die verbeterde posisie van die betalingsbalans in die derde kwartaal van 1990 het die owerhede in staat gestel om hul reserweverwante laste met R1,6 miljard te verminder. Ten spyte van hierdie daling in die korttermyn-buitelandse laste, het Suid-Afrika se *bruto* goud- en ander buitelandse laste in die derde kwartaal nog met R0,6 miljard gestyg. In Oktober het die bruto en netto buitelandse reserwes van die Reserwebank met onderskeidelik R0,4 miljard en R0,9 miljard toege-neem.


Wisselkoerse

Die internasionale valutamarkte is gedurende die vier en 'n half maande vanaf 1 Julie 1990 tot die middel van November beïnvloed deur die algemene swakheid van die VSA-dollar, die Verenigde Koninkryk se verwagte – en uiteindelik ook werklike – toetreding tot die wisselkoersmeganisme van die Europese Monetêre Stelsel, en die uitwerking van die krisistoestand in die gebied rondom die Persiese Golf.


Vanaf die begin van Julie 1990 tot 15 November het die VSA-dollar met onderskeidelik 11,8 persent, 11,2 persent en 15,3 persent teenoor die Duitse mark, sterling en die Japanse yen gedepresieer. Nuwe historiese laagtepunte van die VSA-dollar is gedurende hierdie periode teenoor die Duitse mark en die Switserse frank aangeteken.

Die appresiasi van die rand teenoor die VSA-dollar vanaf 1 Julie 1990 tot 15 November het ongeveer 5,1

Effektiewe wisselkoers van die rand



Bruto goud- en ander buitelandse reserwes



Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	18 Sept 1989 tot 15 Nov 1990	30 Jun 1990 tot 15 Nov 1990
Geweegde gemiddelde	0,7	-1,0
VSA-dollar	11,8	5,1
Britse pond	-10,6	-6,6
Duitse mark	-16,0	-7,3
Switserse frank	-17,5	-7,4
Japanse yen	-1,2	-11,0
Franse frank	-16,1	-7,0
Finansiële rand	14,3	14,9


percent beloop. Hierdie styging in die dollarwaarde van die rand het egter nie verhoed dat die rand teenoor al die ander belangrike geldeenhede gedepresieer het nie. Die effektiewe wisselkoers van die rand het gedurende die betrokke vier en 'n half maande dan ook met 1,0 persent gedaal. Op 15 November was die effektiewe wisselkoers van die rand egter nog steeds 0,7 persent bo sy laagtepunt van 18 September 1989.

Die gemiddelde *reële* effektiewe wisselkoers van die rand het van Junie 1990 tot September 1990 tot 0,8 persent gedaal en was in September 1990 1,3 persent laer as in Desember 1989. Eweneens in September 1990 was dit egter nog steeds 'n aansienlike 7,0 persent hoër as by sy onderste draaipunt in September 1989.

Met uitsondering van sy verloop gedurende 'n paar dae in die begin van Februarie 1990, het die *finansiële* rand oor die algemeen dieselfde neiging teenoor die VSA-dollar getoon as die kommersiële rand. As gevolg hiervan het die diskonto van die finansiële rand teenoor

die kommersiële rand gedurende die grootste deel van die jaar rondom 'n betreklike stabiele peil van 35 persent geskommel. Vanaf die begin van Oktober 1990 het die finansiële rand egter ietwat verstewig op grond van 'n meer positiewe marksentiment wat onder andere voortgespruit het uit die oorsese besoeke van die Staatspresident. Op 15 November het die diskonto van die finansiële rand teenoor die kommersiële rand op 28,4 persent gestaan.

Finansiële rand in VSA-dollar



Finansiële markte

Geldvoorraad

Nadat dit in 1988, 1989 en die eerste vyf maande van 1990 die boonste grense van die mikpuntperke oorskry het, het die groeikoers van die M3-geldvoorraad, soos dit vir mikpunt- of riglyndoeleindes gemeet word, vanaf Junie 1990 weer tot binne die riglyngebied terugbeweeg. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in M3 vanaf die kwartaallikse gemiddelde daarvan in die vierde kwartaal van 1989 tot op syvlak aan die einde van Junie 1990 het 13,8 persent beloop. Daarna het die betrokke groeikoerse in M3 tot aan die einde van Julie, Augustus en September 1990 onderskeidelik 13,5, 12,6 en 10,7 persent bedra. Aan die einde van September 1990 het die groeikoers van M3 in werklikheid dus van bo af deur die onderste grens gebreek van die riglynperk van 11 tot 15 persent wat vir 1990 gestel is.

Die koers van toename in M3 oor periodes van twaalf maande, wat in Augustus 1988 'n hoogtepunt van 27,5 persent bereik het, het teen Mei 1990 tot 19,1 persent afgeneem. In Junie, Julie, Augustus en September het hierdie toenamekoers progressief verder teruggesak tot 16,6, 15,8, 14,0 en 12,9 persent. Hierdie vyf mees onlangs aangetekende toenamekoerse in M3 oor tydperke van twaalf maande was die eerste sodanige koerse wat, ná 'n onderbreking van 26 maande, onder die vlak van 20 persent te staan gekom het.

Meer dramatiese getuienis van die verlangsaming van die monetêre uitbreiding oor die afgelope klompie maande is verskaf deur die daling in die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van die groei in die kwartaallikse

gemiddelde van die M3-geldvoorraad van kwartaal tot kwartaal. Nadat dit nog so kort gelede as die derde kwartaal van 1989 op 26,7 persent en in die eerste kwartaal van 1990 op 19,0 persent te staan gekom het, het hierdie koers skerp verder teruggesak tot 12,2 persent in die tweede kwartaal en tot 'n enkelsyfvlak (van 7,2 persent) in die derde kwartaal.


Die groei in M3 van kwartaal tot kwartaal teen jaarkoerse wat in die twee mees onlangs voltooide kalenderkwartale 12,2 en 7,2 persent beloop het, was laer as die jaarkoerse van die groei van kwartaal tot kwartaal in die bruto binnelandse produk teen heersende pryse. As gevolg daarvan het die omloopsnelheid van die M3-geldvoorraad – wat per saldo met meer as 13 persent van 1,96 in die derde kwartaal van 1987 tot slegs 1,70 in die eerste kwartaal van 1990 afgeneem het – vanaf die tweede kwartaal van 1990 weer 'n opwaartse koers ingeslaan. Die omloopsnelheid van M3 het in sowel die tweede as die derde kwartaal van 1990 met ongeveer 1 persent gestyg.

Die afnames in die verskillende groeikoerse van die M3-geldvoorraad was in die eerste plek weerspieelings van die uitwerking wat die matige verslapping van die reële ekonomiese bedrywigheid en die matiging van die inflasie vanaf ongeveer die middel van 1989 tot ongeveer die middel van 1990, op die vraag na geldsaldo's vir transaksiedoeleindes gehad het. Terselfdertyd het veranderings in die rentekoersmilieu die aansporing tot disintermediasie en die redes vir die opbou van likwiede deposito's as vorms van finansiële vermoënsbesit laat verswak. Teen die derde kwartaal van 1990 het verwagtings van rentekoersdalings waarskynlik reeds die "egte likwiditeitsvoorkleur" begin verminder en sekere disintermediasievryskynsels te voorskyn geroep. 'n Mate van disintermediasie kon in hierdie stadium ook reeds voortgespruit het uit finansiële tussengangers se verlaging van sekere van hul depositokoerse (relatief tot hulle uitleenkoerse) om hul rentekoersmarges weer op te bou. Meer onlangs het 'n aantal gebeurtenisse (die krisis in die Midde-Ooste, die hernieuwe styging in die gemete inflasiekoerse, en beleidsuitsprake deur die owerhede) waarskynlik egter verwagtings geskep dat die korttermynrentekoerse 'n ruk lank nie veel sou verander nie.


Tenoor die verskillende faktore wat bevorderlik was vir disintermediasie, het sekere oorwegings egter ook redes voorsien om in middeltermyn- en langtermyndeposito's te belê. Sodanige oorwegings het byvoorbeeld bestaan uit die waarskynlikheid van uiteindelike rentekoersverlagings, uit veranderings of in die vooruitsig gestelde veranderings in die belasting van renteverdienstes, en uit die feit dat die aandelemark en effektetrusts minder aantreklik geword het as finansiële beleggingsmedia.

Die M1A-geldvoorraad, wat meer transaksieverwant as M3 is en uit nie-rentedraende of lae-rentedraende vorms van geldbesit bestaan, het vanaf ongeveer April 1989 teen stygingskoerse oor twaalf maande van

Riglyne vir groei in M3



Monetêre totale



rondom 10 persent toegeneem en gedurende die derde kwartaal van 1990 daarmee voortgegaan. In September 1990 het hierdie koers 9,7 persent beloop. Die ooreenstemmende koers van verandering in M1 was 6,8 persent. Die stygingskoers oor twaalf maande van M2 het in September nog op 'n vergelykenderwys aansienlike 13,5 persent gestaan; hierdie koers van toename was dus nog steeds ná aan die inflasiekoerse wat in die meer onlangse verlede gemeet is.

In die statistiese of rekeningkundige sin is die seisoensaangesuiwerde stygging van R1,3 miljard in M3 van die einde van Junie 1990 tot die einde van September weer eens meer as ten volle verklaar deur stygings in die geldskeppende instellings se eise teen die binnelandse private sektor; die totale stygging in hierdie eise, ná seisoensaansuiwering, het tussen die betrokke twee kwartaaleindes op R2,3 miljard te staan gekom. Hierbenewens het die monetêre stelsel se besit aan netto goud- en ander buitelandse reserwes, wat gedurende die tweede kwartaal van 1990 met 'n seisoensaangesuiwerde bedrag van R0,8 miljard afgeneem het, in die derde kwartaal weer met R1,6 miljard gestyg. Daarteenoor het 'n afname van R0,4 miljard in die monetêre sektor se seisoensaangesuiwerde netto eise teen die regeringssektor, en 'n afname van R1,6 miljard (nie seisoensaangesuiwerd nie) in die monetêre sektor se "netto ander bates", negatiewe bydraes gemaak tot die rekeningkundige verklaring van die stygging in M3 gedurende die derde kwartaal.


'n Deel van die afname in die geldskeppende instellings se netto ander bates gedurende die derde kwartaal van 1990 kon toegeskryf word aan die oorskotte wat die Reserwebank - in sy hoedanigheid as agent vir die Skatkis – by sy voorsiening van valutatermyndekking ondervind het; oorskotte van hierdie aard lei tot kreditsaldo's op die Reserwebank se sogenaamde Valutatermykontrakte-aanpassingsrekening.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die koers van toename oor twaalf maande in die kredietverlening van die monetêre sektor aan die private sektor, wat in Oktober 1988 'n hoogtepunt van 30,2 persent bereik het, het per saldo tot 20,6 persent in Desember 1989 en uiteindelik tot 18,4 persent in Augustus en 15,4 persent in September 1990 verlangsaam. Op hierdie vlakte was die meer onlangse koerse van toename in die geldskeppende instellings se eise teen die private sektor oor periodes van twaalf maande egter nog steeds hoër as die meer onlangs gemete inflasiekoerse en ook hoër as die koerse van toename in die M3-geldvoorraad.


Die totaal van die banke se *huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering* toegestaan, wat 'n noue verband toon met die besteding van huishoudings aan duursame verbruiksgoedere en met die besteding van sakeondernemings aan kapitaalgoedere, het in die eerste, die tweede en die derde kwartaal van 1990 met onderskeidelik R0,9 miljard, R1,1 miljard en R1,4 miljard

M3 en kredietverlening aan private sektor deur monetêre instellings



gestyg. Dit sou kon lyk asof die fermheid en die stygende neiging in hierdie toenames gedui het op 'n onverwagte sterke van die private sektor se vraag na tasbare bates van 'n kapitale aard; die toenames in die banke se huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering in 1990 het egter plaasgevind vanaf 'n betreklik lae basis


Private verbruiksbesteding aan duursame goedere en veranderings in huurkoop- en bruikhuurkrediet



binne die totaal van die monetêre instellings se totale kredietverlening. In *nominale* syfers was die stygging van R1,4 miljard in die huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering in die derde kwartaal van 1990 ruweg gelyk aan die gemiddelde kwartaallikse toename wat gedurende 1989 in hierdie soort krediet aangeteken is. *Reëel* gesproke was die toename in die derde kwartaal van 1990 egter klaarblyklik beduidend kleiner as die gemiddelde kwartaallikse toename in die vorige jaar.

Die verbandvoorskotte van die banke en die bouverenigings het gedurende elk van die eerste drie kwartale van 1990 met ongeveer R2,1 miljard gestyg, teenoor 'n gemiddelde kwartaallikse toename van R2,2 miljard in 1989. Vanaf die tweede kwartaal van 1990 het die toename in die monetêre instellings se *algemene en verbandvoorskotte* geneig om in groeiende mate by individue en huishoudings, eerder as by korporatiewe kliënte, gekonsentreer te wees; dit kon skynbaar gedeeltelik toegeskryf word aan die relatiewe belangrikheid van verbandlenings aan individue. 'n Verslapping van die korporatiewe kredietvraag het volgens die banke se berigging in die derde kwartaal van 1990 voorgekom, en die gemiddelde vlak van die banke se algemene en verbandvoorskotte aan maatskappye in die private sektor het in werklikheid van die tweede na die derde kwartaal van 1990 effens, naamlik met R0,4 miljard, gedaal. Terselfdertyd het die banke egter ook 'n behoefte opgemerk om aan te hou om sekere korporatiewe kliënte wat onder finansiële druk verkeer het, te "dra"; dit kon opgemerk word dat, by afwesigheid van 'n voldoende kontantvloei om skuld af te los, die debitering en kapitalisering van rente op

Veranderings in algemene en verbandvoorskotte van banké aan individue en ander privaatsektorleners



sigself sal meebring dat kliënte se skuldposisies teenoor hul bankinstellings met nagenoeg 2 persent per maand toeneem.

Debetsaldo's op kliënte se *kredietkaartrekeninge* het aan die einde van September 1990 slegs 2,0 persent van die monetêre instellings se totale eise teen die private sektor uitgemaak. Van die einde van September 1989 tot die einde van September 1990 het die uitstaande bedrag op hierdie rekeninge egter met nie minder nie as 25,0 persent gestyg.

Geldmarktoestande

Die toestand op die geldmark is, ooreenkomsdig die Reserwebank se betreklik beperkende beleidsbedoelings en die uitdruklik anti-inflasionele aard van sy beleidsingesteldheid, gedurende die sestien maande tot November 1990 betreklik stram gehou. Die gemiddelde daaglikse vlak van die akkommodasie wat by die Bank se diskontovenster aan die mark voorsien is, het nietemin van 'n hoogtepunt van R4,8 miljard in Januarie 1990 tot R3,0 miljard in September en R2,9 miljard in Oktober gedaal.

Gedurende die periode van Augustus tot November 1990 het die Reserwebank by geleentheid van valutaruilooreenkomste gebruik gemaak om die likwiditeit wat die bankstelsel deur die betalingsbalans en die stygende neiging in die Bank se eie netto goud- en ander buitelandse reserwes bereik het, te steriliseer. Vanaf Julie 1990 het die algemene opwaartse neiging in die regeringsdeposito's by die Reserwebank ook 'n spontane vernouende invloed op die geldmarktoestand uitgeoefen. Die gekombineerde totaal van die saldo's op die Skatkis-, Betaalmeester-Generaal- en


Stabilisasierekening het van 'n daaglikse gemiddelde van R8,6 miljard in Junie 1990 tot R10,7 miljard in Oktober gestyg. Die volgehoue stygende neiging in die bedrag aan banknote in omloop, en die feit dat die Reserwebank oorskotte ervaar het by sy voorsiening van valutatermyndekking, het ook 'n vernouende uitwerking op die marklikwiditeit gehad.

Teen die middel van November het dalings in die regeringsdeposito's en toenames in die Reserwebank se netto besit aan goud- en ander buitelandse reserwes bygedra tot 'n aansienlike verruiming van die geldmarklikwiditeit. Ten spyte van intervensie-ruiltransaksies ten bedrae van R1,1 miljard, het die akkommodasie deur middel van die diskontovenster tot 'n laagtepunt van R1,5 miljard op 17 November afgeneem. Dit is teenewerk deur die uitreiking, op 19 November, van 'n bedrag van R0,5 miljard aan spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd, wat op 23 November terugbetaalbaar was maar 'n paar maal hernieu is, en deur verdere intervensie-ruiltransaksies aan te gaan tot 'n bedrag van R0,3 miljard.

Die netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het van R1,3 miljard per maand in die eerste drie maande (April tot Junie 1990) van die huidige fiskale jaar tot R0,8 miljard, R0,9 miljard en slegs R0,3 miljard in Julie, Augustus en September afgeneem. Gedurende Oktober het die Bank 'n netto bedrag van R0,3 miljard aan effekte aangekoop.

Die Bank het voortgegaan om sy betrokkenheid by die opsie markte vir staatseffekte te vergroot. In Julie 1990 was die Bank betrokke by verhandelde opsiekontrakte ten bedrae van R0,8 miljard. Hierdie bedrag is tot onderskeidelik R1,3 miljard, R1,1 miljard en R1,1 miljard in Augustus, September en Oktober verhoog.


Staatseffekte-opsies verhandel deur Reserwebank



Geldmarkrentekoerse

Die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande het afwaarts geskommel van 'n hoogtepunt van 18,80 persent op 18 November 1989 tot 18,30 persent (wat ook die Reserwebank se toenmalige en huidige herdiskonteringskoers vir sodanige bankaksepte was en is) op 6 Julie 1990. Teen die middel van 1990 het verskeie faktore (soos die erkende feit dat die ekonomiese in 'n resessie verkeer het, die verlangsaming van die groei in die geldvoorraad en die afwaartse neiging in die meeste inflasiekoerse) aanleiding gegee tot 'n wydverspreide mening in die mark dat 'n verlaging van die Bankkoers binnekort verwag kan word. Hierdie mening is verder versterk deur die feit dat die dollarprys van goud in Julie ietwat verstewig het. As gevolg hiervan het die markkoers op likwiede bankaksepte verder gedaal tot vlakke wat laer was as die Reserwebank se herdiskonteringskoers vir sodanige aksepte: dit het aan die einde van Julie 1990 18,05 persent beloop en vanaf 3 Oktober 1990 'n laagtepunt van 17,60 persent bereik – wat 40 punte onder die Bankkoers was.

Korttermynrentekoerse



Die besef dat die krisis in die Midde-Ooste ernstiger was en langer sou kon aanhou as wat aanvanklik verwag is, verslegtende inflasieverwagtings, en beleidsuitsprake deur die owerhede, het vervolgens meegebring dat die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande nogal heel plotseling tot 18,00 persent vanaf 22 Oktober en tot 18,20 persent teen die maandeinde van Oktober 1990 gestyg het. Daarna het hierdie koers egter weer beduidend teruggesak tot 17,85 persent op 22 November.

Die daggeldkoers van die diskontohuise het aansienlik gedaal van 21,25 persent aan die einde van Junie 1990 tot 20,25 persent aan die einde van Julie, 19,00 persent aan die einde van Augustus en sleks 18,35 persent aan die einde van September 1990. In ooreenstemming met die mark se heroorweging van die vooruitsigte vir die korttermynrentekoerse, het hierdie koers daarna weer tot 19,25 persent aan die einde van Oktober gestyg. Leen-deponering ("round-tripping") kon in Junie 1990 nog aangemoedig gewees het deur die feit dat die daggeldkoers aan die einde van daardie maand nog steeds die primakoers oorskry het. Sedert die einde van Junie was die daggeldkoers in die mark egter deurgaans heelwat laer as die verrekeningsbanke se prima-oortrekkingskoers.


Kapitaalmarkgebeure

Die handelsbedrywigheid op die sekondêre kapitaalmarkte het in die eerste kwartaal van 1990 tot heel buitengewone hoogtes gestyg maar gedurende die tweede kwartaal skerp teruggesak. Daarna het dit in

die derde kwartaal weer herstel, en wel tot min of meer die vlakte wat ook in die laaste kwartaal van 1989 aangegeteken is. 'n Effense herstel is ook in die omvang van die transaksies in vaste eiendom aangegetekend. Die maandelikse gemiddelde vlak van die aandelepryse, wat in Maart 1990 begin verswak het en gedurende die tweede kwartaal verder gedaal het, het in Julie en Augustus effens terrein terugverower; vanaf die vierde week in Augustus het die aandelepryse egter weer eens gedaal, toe die goudprys skerp teruggesak het vanaf die vlak van meer as \$400 per fyn ons wat in daardie stadium geheers het. Op die *primère* kapitaalmarkte het die bedrag van die nuwe effekte-uitgiftes gedurende die derde kwartaal van 1990 effens afgeneem, nadat dit gedurende die voorafgaande drie maande aansienlik toegeneem het.

Die waarde van die *effekte van die openbare sektor* wat op die effektebeurs verhandel is, het van 'n hoë bedrag van R58,1 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot 'n reusagtige bedrag van R77,3 miljard in die eerste kwartaal van 1990 toegeneem. Daarna het dit in die tweede kwartaal dramaties (naamlik met 35 persent, tot R50,2 miljard) gedaal, maar in die derde kwartaal weer na R58,1 miljard teruggekeer. Op 'n maandelikse grondslag het die handelsbedrywigheid teruggesak van R24,5 miljard in Augustus tot R14,3 miljard in September, maar in Oktober weer effens tot R17,5 miljard toegeneem. Die waarde van hierdie transaksies in Oktober was effens laer as die gemiddelde maandelikse omset van effekte van die openbare sektor van R19,3 miljard wat in die periode van Julie tot September aangeteken is.

Effektebeurstransaksies




Die netto aankope van effekte van die openbare sektor deur nie-inwoners op die Johannesburgse Effektebeurs het bestendig ingekrimp van 'n kwartaaltotaal van R883 miljoen in die vierde kwartaal van 1989 tot R705 miljoen in die eerste kwartaal van 1990 en tot slegs R296 miljoen en R311 miljoen in die tweede en die derde kwartaal. In Oktober 1990 het die bedrag van hierdie aankope verder verskrompel tot slegs R73 miljoen, in vergelyking met 'n maandelikse gemiddelde van R104 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal.

Die waarde van die aandele wat op die effektebeurs verhandel is, het van 'n rekordvlak van R6,2 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot 'n nuwe rekordvlak van R8,6 miljard in die eerste kwartaal van 1990 toege neem. Daarna het dit in die tweede kwartaal met 36 persent tot R5,5 miljard teruggesak, maar in die derde kwartaal weer herstel tot R6,2 miljard; die oplewing in die handelsbedrywigheid gedurende die derde kwartaal het voortgespruit uit die Irakese inval van Koeweit, die uitwerking wat dit op die wêreldoliepryse en op die inflasieverwagtings gehad het, en die aanvanklik stimulerende invloed daarvan op die dollarprys van goud.

Op 'n maandelikse grondslag het die waarde van die aandeletransaksies teruggesak van 'n historiese hoogtepunt van R3,1 miljard in Augustus 1990 tot minder as die helfte van daardie bedrag (R1,4 miljard en R1,3 miljard) in September en Oktober. In Oktober was die aandele-omset in werklikheid op sy laagste peil sedert Januarie 1989.

Effektebeurstransaksies




Die waarde van die netto verkope van aandele deur nie-inwoners op die Johannesburgse Effektebeurs het eers in die eerste kwartaal van 1990 sy hoogtepunt bereik. Hierdie bedrag het van R518 miljoen in die vierde kwartaal van 1989 tot nie minder nie as R2 832 miljoen in die eerste kwartaal van 1990 gestyg, maar vervolgens skerp teruggesak tot R803 miljoen in die tweede kwartaal van 1990 en slegs R273 miljoen in die derde kwartaal. In Oktober het buitelanders egter weer as grootskeepse verkopers na die mark teruggekeer: hul netto verkope van aandele gedurende daardie maand het R227 miljoen beloop.

Die snelle inkrimping van nie-inwoners se netto verkope van aandele in die tweede en die derde kwartaal van 1990 het daar toe gelei dat nie-inwoners se netto verkope van sowel aandele as effekte skerp verminder het van R2 127 miljoen in die eerste kwartaal van 1990 tot slegs R507 miljoen in die tweede kwartaal, waarna dit selfs kortstondig omgeswaai het na netto aankope (ten bedrae van R38 miljoen) in die derde kwartaal. Gedurende Oktober is daar egter weer netto verkope aangeteken (tot 'n bedrag van R154 miljoen).

Die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele het in die vierde kwartaal van 1989 met 7 persent en in die eerste kwartaal van 1990 per saldo met 'n verdere 4 persent gestyg. Daarna het dit egter in die tweede kwartaal met 7 persent en in die derde kwartaal met 'n verdere 4 persent teruggesak: geringe stygings in die maandelikse gemiddeldes van 2 persent in Julie en 1 persent in Augustus is deur groot dalings van 7 persent in sowel September as Oktober gevolg.

Die daling van 14 persent in die gemiddelde vlak van die aandelepryse in September-Oktobre 1990 was die grootste prysdaling gedurende 'n tydperk van twee maande wat sedert die "prysineenstorting" van Okto-

Aandelepryse



ber 1987 te boek gestel is. In Oktober 1990 was die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele 18 persent laer as by die jongste (histories hoë) hoogtepunt in Februarie 1990, en 16 persent laer as by die hoogtepunt van September 1987 voor die aandelemark "ineengestort" het.

Die pryse van *goudmynaandele* het groot onstabilitet getoon. Hierdie pryse het vanaf Januarie 1990 tot Junie met 35 persent teruggesak maar in Julie-Augustus met 24 persent herstel, in die besonder nadat Irak Koeweit op 2 Augustus binnegeval het. Daarna het hierdie pryse in September met 10 persent en in Oktober met 'n verdere 10 persent teruggesak, op grond van die onvermoë van die krisis rondom die Persiese Golf om die dollarprys van goud op meer standhoudende en indrukwekkende wyse op te stoot.


Die gemiddelde prysvlak van *finansiële aandele* het in die eerste kwartaal van 1990 per saldo met 8 persent aan weerskante van 'n hoogtepunt in Februarie gestyg, in die tweede kwartaal met 3 persent verswak, in Julie weer met 2 persent gestyg, maar daarna weer opmerklik (naamlik met 6 persent) in sowel September en Oktober teruggesak. Die netto daling in hierdie pryse van Februarie tot Oktober het 14 persent beloop. Die pryse van *nywerheids- en handelsaandele* het ook in Februarie 1990 'n hoogtepunt bereik. Daarna het dit in die tweede kwartaal met 2 persent, in die derde kwartaal met 5 persent en in Oktober met 4 persent gedaal.

Die waarde van die transaksies in *termynkontrakte* het skerp en plotseling (naamlik met 59 persent) vanaf 'n gemiddelde van R2,2 miljard per maand in Mei-Julie 1990 tot R3,1 miljard in Augustus gestyg, hoofsaaklik in reaksie op die onsekerheid wat deur die krisistoestand in die Midde-Ooste geskep is. Dit is egter gevvolg deur 'n insinking tot R1,9 miljard in September en deur 'n geringe herlewing tot 'n meer normale vlak van R2,3 miljard in Oktober.

In die *primêre kapitaalmarkte* het die bedrag aan fondse wat deur leners in die openbare sektor deur middel van uitrekings van nuwe vaste-rentedraende effekte aan bank- en nie-bankbeleggers in die private sektor opgeneem is, van 'n netto *skuldterugbetaling* van R0,8 miljard in die vierde kwartaal van 1989 na netto nuwe lenings ten bedrae van onderskeidelik R0,4 miljard en R5,2 miljard in die eerste en die tweede kwartaal van 1990 omgeswaai. Daarna het die netto nuwe lenings taamlik sterk afgeneem tot R2,0 miljard in die derde kwartaal.

Maatskappye in die *private sektor* het nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte gemaak ten bedrae van slegs R60 miljoen in die eerste kwartaal van 1990, R113 miljoen in die tweede kwartaal en R233 miljoen in die derde kwartaal. Maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, het nuwe uitgiftes van gewone aandelekapitaal gemaak ten bedrae van slegs R0,3 miljard in die eerste kwartaal van 1990, van nie minder nie as R2,2 miljard in die tweede kwartaal, maar weer eens

Toename in besit aan verbandlenings



van slegs R0,3 miljard in die derde kwartaal.


In die *verbandmark* het die verbandlenings wat deur die bouverenigings uitbetaal is, wat in die derde en die vierde kwartaal van 1989 tot R1,4 miljard en R1,5 miljard gedaal het, weer geleidelik tot 'n vlak van R1,8 miljard in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1990 en vervolgens nog weer verder tot R2,2 miljard in die derde kwartaal van 1990 verstewig. Die toename in die bouverenigings se *besit aan verbandlenings*, wat in die derde sowel as die vierde kwartaal van 1989 R0,5 miljard bedra het, het tot R0,6 miljard in die eerste kwartaal van 1990, tot R0,8 miljard in die tweede kwartaal en tot R1,0 miljard in die derde kwartaal gestyg. Die toename in die *bankinstellings* se besit aan verbandlenings het daarenteen effens afgeneem van R1,3 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot R1,2 miljard in die eerste kwartaal van 1990, en vervolgens nog verder ingekrimp tot R0,9 miljard in die tweede kwartaal. Daarna het dit in die derde kwartaal van 1990 effens verbeter tot R1,0 miljard.

Die waarde van die *transaksies in vaste eiendom* het van sy vorige rekordvlak van R5,7 miljard in die vierde kwartaal van 1989 tot 'n nuwe hoogtepunt van R6,2 miljard in die eerste kwartaal van 1990 verstewig. In die tweede kwartaal van 1990 het dit tot R5,7 miljard teruggesak, maar in die derde kwartaal weer effens herstel tot R5,8 miljard.

Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Die koerse op die kapitaalmark het van Februarie tot Junie 1990 'n stygende verloop getoon maar gedurende Julie en Augustus effens gedaal op grond van verwagte dalings in die korttermynrentekoerse, die afwaartse neiging in die meeste inflasiekoste, die effens hoër dollarprys van goud, en amptelike pogings om die verhandelbaarheid van staatseffekte te verbeter. Hierdie koerse het daarna gedurende September – Oktober effens verstewig, op basis van meer pessimis-

Kapitaalmarkrente- en opbrengskoerse



tiese vooruitskatting van die inflasiekoers en kwynnende vooruitsigte dat die monetêre beleid binnekort verslap sou word.

Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 15,5 persent in Januarie 1990 tot 16,7 persent in Junie gestyg maar in Julie en Augustus weer effens afgekom tot 16,4 persent en 16,3 persent. Daarná het dit weer na vlakke van 16,4 persent in September en 16,6 persent in Oktober teruggekeer.

Die *reële* opbrengskoers op langtermynstaatseffekte (dit wil sê die nominale koers ná aansuiwing vir die heersende inflasiekoers oor twaalf maande) het, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die inflasiekoers in daardie stadium besig was om te daal, van slegs 0,3 persent in Januarie tot 2,7 persent in Julie gestyg. 'n Marginale daling in die nominale opbrengskoers op langtermynstaatseffekte en 'n marginale styging in die inflasiekoers oor twaalf maande het vervolgens egter meegebring dat hierdie koers tot 2,4 persent in Augus-

tus teruggesak het. In September het die reële langtermynstaatseffektekoers aansienlik verder afgeneem tot 1,8 persent, ondanks die feit dat die nominale opbrengskoers op hierdie effekte toe marginaal hoër was. Dit was 'n weerspieëeling van die herversneling van die inflasiekoers oor periodes van twaalf maande, wat deur die hoër oliepryse aangespoor is.

Die maandelikse gemiddelde *dividendopbrengskoers* op alle klasse aandele het, in ooreenstemming met die verswakkking van die aandelepryse in die tweede kwartaal, van 5,3 persent in Maart 1990 tot 5,6 persent in sowel Julie as Augustus toegeneem. Daarna het dit verder verstewig tot 6,0 persent in September en 6,1 persent in Oktober. Die gemiddelde *verdiensteopbrengskoers* op alle klasse aandele (uitgesonderd goudmynaandele) het van 15,4 persent in Desember 1989 tot 14,5 persent in Junie 1990 gedaal, maar weer tot 15,3 persent in September en 15,4 persent in Oktober herstel.

Die bouverenigings se oorheersende koers op *huisverbandlenings*, wat in Oktober 1989 van sy vorigevlak van 19,75 persent tot 20,75 persent verhoog is, is tot in November 1990 op hierdie nuwevlak gehandhaaf. Dit was die langste periode waarin daar geen verandering in hierdie koers aangebring is nie sedert die tydperk van Oktober 1975 tot Maart 1979.

Die oorheersende *koers op deposito's van twaalf maande* by die banke en die bouverenigings, wat as verteenwoordigend van depositokoerse in die algemeen beskou word, is in Augustus 1990 van 18,0 tot 17,0 persent en in Oktober verder tot 16,5 persent verlaag - as deel van hierdie instellings se pogings om in 'n ietwat gemakliker kredietvraagsituasie, ietwat meer gerieflike rentekoersmarges te bewerkstellig.

Die maksimum toelaatbare *finansieringskostekoerse*, soos dit kragtens die Woekerwet vasgestel word, is om tegniese redes met ingang van 27 Julie 1990 in die geval van geldlenings-, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 (maar nie meer as R500 000 nie) van 30 tot 29 persent en in die geval van transaksies tot en met R6 000 van 33 tot 32 persent verlaag. Die koerse op *belastingvrye beleggings* by die bouverenigings, die Posspaarbank en die Tesourie het sedert die verhoging daarvan met 1,5 persent in Maart 1990 onveranderd gebly.

Staatsfinansies

Skatkisuitreikings

Die koers van toename van jaar tot jaar in die skatkisuitreikings (ná die gebruiklike aansuiwering vir verandering in die saldo op die Betaalmeester-Generaalrekening) het aanmerklik versnel van 12,6 persent in die eerste of Junie-kwartaal van die fiskale jaar 1990/91 tot 19,2 persent in die September-kwartaal. In die eerste helfte van die fiskale jaar het die toenamekoers oor vier kwartale in hierdie uitreikings gevvolglik 15,8 persent beloop; dit was heelwat hoër as die koers van toename in die staatsbesteding van 11,9 persent wat in die Begroting van Maart 1990 vir die fiskale jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is. Reëel, of ná aanpassing vir die inflasie, het die toename oor een jaar in hierdie uitreikings in die eerste helfte van die fiskale jaar 1990/91 op 1,7 persent te staan gekom.


Die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente in die eerste helfte van die fiskale jaar 1990/91 het 50,9 persent beloop van die totale begrote besteding vir die

volle fiskale jaar. Dit kan vergelyk word met 'n waarde van hierdie verhouding van 49,4 persent in die fiskale jaar 1989/90, en met 'n gemiddelde waarde van hierdie verhouding wat in die vier fiskale jare van 1986/87 tot 1989/90 eweneens 49,4 persent bedra het.


Skatkisuitreikings wat in die eerste helfte van die fiskale jaar 1990/91 heelwat meer beloop het as 50 persent van die onderskeie begrotings vir die fiskale jaar in sy geheel, is veral ten opsigte van die begrotingspos Polisie en die Departement van Finansies aangeteken. In die geval van die Departement van Finansies kon die betreklik swaar besteding gedurende die eerste helfte van die jaar toegeskryf word aan onverwagte groot rentebetalings op staatskuld. Die Polisie het onverwagte bestedingsbehoeftes ondervind as gevolg van die onrussituasie en vanweë die verbeterde salaris en verwante diensvoordele wat in April en Junie vir lede van die mag aangekondig is.

In Oktober 1990 het die koers van toename oor een jaar in die skatkisuitreikings betekenisvol teruggesak vanaf die vlak wat dit in die September-kwartaal bereik het. Die koers van toename in hierdie uitreikings oor een jaar het as gevolg daarvan in die eerste sewe maande (April tot Oktober) van die fiskale jaar 1990/91 tot 12,4 persent verminder. Die huidige aanduidings is dat die skatkisuitreikings gedurende die fiskale jaar in sy geheel die begrotingsramings vir die staatsbesteding

Skatkisrekening



Skatkisontvangste en -uitreikings



waarskynlik met slegs 'n betreklik matige bedrag sal oorskry.

Skatkisontvangste

Die koers van toename oor een jaar in die skatkisontvangste het van 19,1 persent in die Junie-kwartaal van die fiskale jaar 1990/91 tot 12,8 persent in die September-kwartaal gedaal. Die totale ontvangste in die eerste helfte van die fiskale jaar 1990/91 was gevvolglik 15,4 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk in die fiskale jaar 1989/90. Hierdie koers van toename in die skatkisontvangste was aansienlik hoër as die toename van 5,8 persent in die staatsinkomste wat in die Begroting van Maart 1990 vir die fiskale jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is. *Reëel gesproke* het die styging oor een jaar in hierdie ontvangste gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1990/91 1,3 persent beloop.

Die totale skatkisontvangste in die eerste helfte van die fiskale jaar 1990/91 was gelyk aan 51,6 persent van die totale begrote staatsinkomste vir die fiskale jaar in sy geheel. In die fiskale jaar 1989/90 het die verhouding van die ontvangste in die eerste ses maande tot dié in die volle jaar 52,9 persent beloop. In teenstelling hiermee het die gemiddelde waarde van hierdie verhouding in die vier fiskale jare van 1986/87 tot 1989/90 slegs 49,2 persent bedra.

Die feit dat die koers van toename in die totale skatkisontvangste aansienlik hoër was as waarvoor begroot is, kon in die eerste helfte van die fiskale jaar 1990/91 hoofsaaklik toegeskryf word aan groter as begrote toenames in die ontvangste aan inkomstebelasting vanaf individue en (in selfs nog meer opmerklike mate) vanaf mynboumaatskappye uitgesonderd goud-

Ontvangste deur Sentrale Regering


Persentasietoename

	Begroot vir fiskale jaar 1990/91 ¹	Ontvang in eerste helfte van 1990/91 ²
Doeane- en aksynsregte	-10,2	-7,5
Inkomstebelasting:		
Goudmyne	-5,0	-29,9
Ander myne	-10,8	106,4
Nie-mynboumaatskappye ..	19,8	24,2
Individue	4,3	21,1
Algemene verkoopbelasting ...	12,5	9,7
Goudmynhuurkontrakte	-8,0	-39,8
Ander ontvangste	-14,0	40,2
Totaal	5,8	15,4

¹ Begrotingsrede, Maart 1990

² In vergelyking met die eerste helfte van die fiskale jaar 1989/90.

Inkomste-invorderings – Staatsinkomstefonds



mynmaatskappye. Hierteenoor het die toenamekoerse oor een jaar in die ontvangste vanaf goudmynmaatskappye en uit algemene verkoopbelasting te kort geskiet by die persentasietoenames waarvoor die Begroting vir die fiskale jaar in sy geheel gereken het.

In Oktober 1990 het die toenamekoers oor een jaar in die skatkisontvangste verder verlangsaam van die vlak wat in die September-kwartaal aangeteken is. Die koers van toename in hierdie ontvangste in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1990/91 is daardeur tot 13,5 persent verminder. Desnieteenstaande word verwag dat die skatkisontvangste vir die fiskale jaar in sy geheel die begrotingsramings in nogal heel aansienlike mate sal oorskry.

Tekort voor lenings

Die tekort voor lenings en skuldaflossings ten bedrae van R4 449 miljoen in die Junie-kwartaal van die fiskale jaar 1990/91 is in die September-kwartaal in 'n *surplus* van R730 miljoen omskep. Die kumulatiewe tekort in die eerste helfte van die fiskale jaar het gevvolglik R3 719 miljoen bedra, wat gelyk was aan ongeveer 2,8 persent van die bruto binnelandse produk gedurende daardie tydperk. Dit het volkome gestrook met die verhouding van 2,8 persent van die tekort tot die bruto binnelandse produk waarvoor in die begrotingsramings vir die fiskale jaar in sy geheel voorsiening gemaak is.

Volgens die gegewens wat tans beskikbaar is, is die tekort van R3 719 miljoen gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1990/91, *plus* die diskonto van R2 168 miljoen op nuwe uitgifte van staatseffekte en *plus* die oorbetaling van R2 000 miljoen aan die Onafhanklike Ontwikkelingstrust (in totaal dus R7 887 miljoen), uit die volgende bronne gefinansier:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissarisie	-110
Nie-bank- private sektor	7 233
Banksektor:	
Korporasie vir Openbare Deposito's	-192
Ander banke	961
Buitelandse sektor	-5
Totale finansiering	7 887

Die oorbetaling van R2 000 miljoen aan die Onafhanklike Ontwikkelingstrust is uit die Skatkis se financieringssurplus van die fiskale jaar 1989/90 gefinansier. In die bostaande tabel is hierdie bedrag derhalwe ingesluit by die "ander banke" se aandeel in die banksektor se bydrae tot die finansiering van die Skatkistekort.

Die kumulatiewe tekort in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1990/91 het R3 053 miljoen beloop, of 38 persent van die tekort van R7 994 miljoen waarvoor in Maart 1990 vir die fiskale jaar in sy geheel begroot is. Die ooreenstemmende tekort in die eerste

sewe maande van die fiskale jaar 1989/90 het R2 985 miljoen bedra, of 30 persent van die begrote tekort.

Die tekort van R3 053 miljoen wat in die eerste sewe maande van die fiskale jaar aangeteken is, is deur middel van die volgende skuldinstrumente gefinansier:

	R miljoene
Staatseffekte (uitsluitende die diskonto)	4 338
Skatkiswissels	1 232
Nie-bemarkbare obligasies	-109
Buitelandse lenings	-25
Aanwending van kontantsaldo's	-433
Totale finansiering van Skatkistekort	5 053
<i>Min:</i> Betaling aan die Onafhanklike Ontwikkelingstrust	2 000
Totale netto finansiering (= tekort voor lenings)	3 053

Die huidige ramings en vooruitskatting dui daarop dat die uiteindelike tekort vir die fiskale jaar 1990/91 in sy geheel kleiner kan wees as die oorspronklik begrote tekort van R7 994 miljoen. Dit sal moontlik slegs ongeveer 2,6 persent bedra van die verwagte bruto binnelandse produk vir die volle fiskale jaar.

Bedrywigheid in die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta

deur E.J. van der Merwe en J.N. de Clerck

In die afgelope vyf jaar het sentrale banke in toenemende mate groter belangstelling in die grootte, volume en strukture van markte in buitelandse valuta getoon. 'n Beter begrip van hierdie markte is belangrik vir die doeleindes van banktoesighouding en vir die doeltreffende intervensie deur monetêre owerhede met die doel om meer stabiele finansiële toestande in die algemeen te bevorder. Statistiese en ander opnames van hierdie markte is ook aangespoor deur die toenemende internasionale integrasie van finansiële markte en deur die wydverspreide gebruik van nuwe finansiële instrumente en tegnieke.

'n Eerste opname van markte in buitelandse valuta op 'n internasionaal gekoördineerde grondslag, is in Maart 1986 deur die Bank van Engeland, die Federale Reserwebank van New York, die Bank van Kanada en die Bank van Japan gemaak. Dit is in April 1989 gevvolg deur 'n tweede opname wat deur die sentrale banke van 21 lande gemaak is. April 1989 is vir hierdie doel gekies omdat Aprilmaand normaalweg gekenmerk word deur betreklike wisselkoersstabiliteit en moontlik effens onder-normale handelsbedrywigheid.

Alhoewel Suid-Afrika nie betrokke was by hierdie internasionale pogings om meer inligting ten opsigte van bedrywigheid in markte in buitelandse valuta te bekom nie, het die Suid-Afrikaanse Reserwebank reeds vir baie jare 'n behoefte om meer gegewens oor bedrywighede in Suid-Afrika se mark in buitelandse valuta beskikbaar te hê. In die laat sewentigerjare het die Reserwebank begin met 'n weeklikse opname van transaksies in buitelandse valuta deur gemagtigde valutahandelaars in Suid-Afrika. Daar is egter gou besef dat die resultate wat uit hierdie opname verkry is, van beperkte nut was. In 1985 het die Bank konsultante aangestel om die hele rapporteringstelsel aangaande bedrywighede in die mark in buitelandse valuta te hersien. Op grond van die ondersoek wat deur hierdie konsultante gemaak is, is die opname van die Bank in sy geheel hersien en verbeterde statistiek word vanaf die begin van 1987 saamgestel.

In hierdie artikel word deelnemers in die mark in buitelandse valuta en die algemene publiek voorsien van inligting van die omsetsyfers in die mark wat met die huidige opname verkry is, asook van 'n beskrywing van die hoofkenmerke van die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta. Die opname van bedrywighede in die mark in buitelandse valuta deur die Reserwebank word betreklik breedvoerig in die eerste afdeling van hierdie artikel bespreek. Dit word gevvolg deur 'n beskrywing van die omvang van die mark, die groei in die omset, die maandelikse verspreiding van die omset, die omvang van markkonsentrasie, die bedrywigheid van markdeelnemers en die valutasamestelling van die transaksies. Die artikel sluit af met 'n ontleding van die vlak en die samestelling van Suid-Afrika se buitelandse-valutareserves.

Die opname van die Reserwebank

Soos hierbo aangetoon is, het die Reserwebank gedurende die laat-sewentigerjare begin om weeklikse inligting oor transaksies in buitelandse valuta van gemagtigde handelaars in te samel. In die oorspronklike opname is inligting ingesamel oor die handelaars se besit aan buitelandse valuta, die netto ope posisies, transaksies wat gesluit en afgehandel is, aankope en verkoop van buitelandse valuta en buitelandse bates en laste. Die resultate van die opname is nooit aan die publiek beskikbaar gestel nie en was slegs van beperkte nut vir die Bank as gevolg van sekere ernstige tekortkomings, naamlik:

- Die rapportering is in randbedrae gevra, en nóg die omskakelingsmetodes nóg die spesifieke wisselkoers wat deur verskillende gemagtigde valutahandelaars in die omskakeling van transaksies in buitelandse valuta, laste en bates gebruik is, was konsekwent.
- Die definisies en terminologie wat in die vorms gebruik is, is nie eenvormig deur die gemagtigde handelaars geïnterpreteer nie, wat die gerapporteerde syfers onbetroubaar gemaak het.
- Daar was onvoldoende kontrole oor die akkurateheid van die inligting wat deur die gemagtigde handelaars verskaf is en sommige handelaars het die gegewens op 'n netto in plaas van 'n bruto basis gerapporteer.

In die lig van hierdie tekortkomings is die weeklikse opname van transaksies in buitelandse valuta deur die Bank gestaak en met 'n algeheel nuwe opname vervang. Laat in 1986 is 'n nuwe vraelys oor transaksies in buitelandse valuta van gemagtigde handelaars opgestel en aan die handelaars vir voltooiing uitgestuur. Alhoewel die gerapporteerde gegewens aanvanklik verskeie tekortkomings getoon het, was die Reserwebank vanaf die begin van 1987 tevrede met die betrouwbaarheid van die inligting.

Die hoofoogmerk met die nuwe opname was om statistiek oor die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta te bekom ten einde die doeltreffendheid van intervensie-optredes deur die Reserwebank en die bestuur van die goud- en ander buitelandse reserwes van die land te verbeter. Terselfdertyd is daar gevoel dat die inligting op so 'n wyse ingewin moet word dat dit ook vir doeleindes van banktoesighouding en deviesebeheer, vir ekonomiese ontleding van die mark in buitelandse valuta, asook vir die transaksie-optredes van gemagtigde handelaars in buitelandse valuta nuttig sou wees. Met die oog hierop, is die inligting wat in die vraelyste aangevra is op so 'n wyse gestructureer dat dit nou saamhang met die inligting wat deur die gemagtigde handelaars in die bestuur van hul eie transaksies in buitelandse valuta gebruik word.

Tabel 1 Gemiddelde daagliks omset op die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta
\$ miljoene

Tydperk	Netto omset												Bruto omset	
	Kontanttransaksies				Termyntransaksies				Totale transaksies					
	Binne-landse kliënte	Nie-inwoners	Bank-sektor	Totaal	Binne-landse kliënte	Nie-inwoners	Bank-sektor	Totaal	Binne-landse kliënte	Nie-inwoners	Bank-sektor	Groot-totaal		
1987	411	128	625	1 164	240	24	297	562	652	153	922	1 726	2 596	
1988	568	171	1 035	1 774	343	37	423	802	910	208	1 457	2 576	3 993	
1989	829	227	1 069	2 124	449	38	463	951	1 278	265	1 532	3 075	4 574	
1987: Jan ...	367	110	829	1 306	250	23	245	518	617	133	1 074	1 824	2 853	
Feb ...	361	110	731	1 203	217	12	266	494	578	122	997	1 697	2 633	
Mrt ...	449	144	647	1 239	253	24	304	581	701	168	951	1 820	2 785	
Apr ...	437	119	729	1 284	245	23	359	628	682	142	1 087	1 911	2 943	
Mei ...	394	114	428	936	239	27	219	485	634	141	646	1 421	2 075	
Jun ...	428	121	545	1 094	248	45	419	713	676	166	964	1 806	2 753	
Jul ...	388	130	584	1 102	209	30	269	515	596	168	853	1 617	2 387	
Aug ..	322	132	534	988	172	25	230	426	493	157	764	1 414	2 103	
Sept....	422	159	476	1 056	254	22	262	538	675	180	738	1 594	2 254	
Okt	460	150	663	1 273	227	24	377	628	686	174	1 040	1 900	2 827	
Nov ..	402	124	572	1 098	212	10	256	478	614	135	828	1 577	2 309	
Des ...	508	126	759	1 393	361	20	360	740	869	146	1 119	2 134	3 230	
1988: Jan ...	483	147	693	1 323	196	49	273	518	678	197	966	1 841	2 813	
Feb ...	429	117	673	1 219	260	15	332	607	688	133	1 005	1 826	2 738	
Mrt ...	547	207	927	1 681	363	32	387	783	910	239	1 314	2 463	3 722	
Apr ...	597	167	815	1 578	295	45	371	711	891	212	1 185	2 289	3 423	
Mei ...	504	153	1 021	1 678	451	44	535	1 030	955	197	1 557	2 709	4 262	
Jun ...	739	241	1 270	2 251	387	50	518	955	1 126	291	1 789	3 206	5 046	
Jul	559	176	1 427	2 163	329	28	484	842	888	204	1 912	3 004	4 850	
Aug ..	505	172	1 079	1 755	264	23	370	657	769	195	1 448	2 412	3 806	
Sept....	695	165	1 010	1 871	369	51	398	817	1 064	216	1 408	2 688	4 084	
Okt ...	497	166	998	1 661	309	27	412	748	806	193	1 410	2 409	3 712	
Nov ..	629	177	1 338	2 144	391	37	512	939	1 020	213	1 850	3 083	4 888	
Des ...	633	163	1 165	1 961	496	42	481	1 019	1 129	205	1 646	2 979	4 575	
1989: Jan ...	485	148	882	1 515	286	38	340	665	771	186	1 223	2 180	3 402	
Feb ...	715	278	1 102	2 095	462	37	539	1 037	1 177	314	1 641	3 132	4 769	
Mrt ...	713	290	1 012	2 015	485	40	526	1 050	1 198	329	1 538	3 064	4 541	
Apr ...	661	306	786	1 754	339	31	380	751	1 000	337	1 167	2 504	3 618	
Mei ...	758	256	1 057	2 072	503	49	515	1 067	1 261	305	1 572	3 138	4 721	
Jun ...	960	217	1 274	2 451	544	39	510	1 093	1 504	256	1 784	3 544	5 250	
Jul	733	316	1 033	2 082	392	35	364	791	1 125	351	1 397	2 873	4 232	
Aug ..	873	228	1 093	2 194	427	44	447	917	1 300	271	1 540	3 111	4 625	
Sept....	1 045	196	1 188	2 430	491	42	493	1 026	1 536	239	1 681	3 456	5 122	
Okt ...	1 090	195	1 162	2 448	465	34	518	1 017	1 555	229	1 680	3 464	5 109	
Nov ..	971	180	1 169	2 320	487	40	452	979	1 458	220	1 622	3 300	4 852	
Des ...	941	108	1 065	2 114	508	32	474	1 015	1 449	140	1 540	3 129	4 646	
1990: Jan ...	999	173	1 169	2 341	411	45	484	940	1 410	217	1 654	3 281	4 871	
Feb ...	1 245	172	1 014	2 432	445	59	484	988	1 690	231	1 498	3 419	4 890	
Mrt ...	924	170	1 027	2 120	454	35	486	974	1 378	204	1 512	3 094	4 581	
Apr ...	1 023	182	994	2 199	439	44	520	1 003	1 462	226	1 514	3 202	4 715	
Mei ...	913	173	1 058	2 144	446	47	542	1 034	1 359	219	1 600	3 178	5 100	
Jun ...	1 280	156	1 242	2 678	528	36	510	1 073	1 808	192	1 751	3 751	5 384	
Jul	899	176	905	1 980	398	47	415	860	1 297	223	1 320	2 840	4 143	

In die huidige opname word statistiek op 'n daaglikske grondslag vereis ten opsigte van die valutabesit en transaksies van alle private gemagtigde handelaars en die Reserwebank in die ses hoofgeldenehede – die VSA-dollar, Britse pond, Duitse mark, Japanse yen, Switserse frank en Franse frank. Ander geldeenhede word nie in die opname ingesluit nie omdat transaksies daarin nog steeds onbeduidend in omvang is. Gekonsolideerde opgawes word deur elke gemagtigde handelaar ingedien, dit wil sê transaksies tussen verskilende departemente of binnelandse takke van diezelfde gemagtigde handelaar word uitgesluit. Transaksies in buitelandse valuta van 'n binnelandse hoofkantoor met sy buitelandse takke word egter ingesluit.

Slegs die buitelandse been van valutatransaksies word in die vraelys gerapporteer. 'n Aankoop van dollars vir rand word dus as 'n ontvangs van dollars gerapporteer. Inligting oor transaksies in finansiële rand en transaksies in valuta-opsies en op die termynbeurs word van die opname uitgesluit. Vanaf September 1988 het die Reserwebank begin om op 'n maandelikse basis inligting oor finansiële-randtransaksies van gemagtigde handelaars in te samel. Gegewens oor transaksies in valuta-opsies en transaksies op die termynbeurs sal slegs van gemagtigde handelaars ingesamel begin word wanneer die omvang van hierdie transaksies dit regverdig.

Die volgende inligting word in die huidige opname ingesamel:

- Nostro-saldo's, dit wil sê die netto saldo's op lopende rekenings met buitelandse banke (rekenings met korrespondentbanke).
- Die uitstaande posisie in buitelandse geldeenhede, wat gedefinieer word as die netto saldo van alle uitstaande buitelandse-valuta-aankope of -verkope in die betrokke ses geldeenhede, insluitende reeds verstrekte transaksies, saldo's op afwagtingsrekenings en alle onverstrekte kontrakte. Hierdie saldo's word gerapporteer volgens die plasings van die geldeenhede en lenings volgens tipe deelnemer.
- Die totale geprojekteerde ontvangste en lewerings op die termynboek per handelsdag vir die volgende sewe handelsdae, sowel as die oorblywende gedeelte van die boek.
- Aankope en verkope in die ses buitelandse geldeenhede waarby die rand betrokke was, volgens tipe transaksie en teenparty. Transaksies waarby twee buitelandse geldeenhede betrokke is (die sogenaamde transaksies in derde-geldeenhede) word dus nie gerapporteer nie.
- Lenings en plasings in buitelandse geldeenhede betitel volgens teenparty.


Die meeste van hierdie inligting is moontlik slegs van nut vir die Reserwebank met die oog op die uitoefening

van sy daaglikske optrede in die mark in buitelandse valuta. Omsetsyfers mag egter ook vir markdeelnemers en die publiek in die algemeen van belang wees. In tabel 1 word die bruto en netto gemiddelde daaglikske omsetsyfers op 'n maandelikse basis getoon vanaf die begin van 1987 tot Julie 1990. Die netto omsetsyfers ten opsigte van kontant- en termyntransaksies geklassifiseer volgens tipe deelnemer, dit wil sê of die transaksies met binnelandse kliënte, nie-inwoners of ander gemagtigde handelaars aangegaan is, word ook getoon. Bruto omsetsyfers verwys na die gemiddelde daaglikske aankope en verkope van gemagtigde handelaars en die Reserwebank wat gedurende 'n besondere maand aangegaan is, ongeag die datum van lewering, in die kontant en termynmark in die ses hoofgeldenehede wat reeds geïdentifiseer is. Netto omsetsyfers is bruto syfers wat aangepas is vir dubbeltelling wat vanweë binnelandse interbanksake ontstaan.

Omvang van die mark in buitelandse valuta

Die relatiewe grootte van die Suid-Afrikaanse valutemark kan bepaal word deur die gemiddelde daaglikske bruto en netto omset in hierdie mark te vergelyk met die omsetsyfers van die een-en-twintig nywerheidslande soos bepaal in die opnames wat in April 1989 opgeneem is. Ongelukkig is hierdie omsetsyfers nie streng vergelykbaar nie omdat verskillende benaderings gevolg is. Die opname van die Reserwebank sluit kontant- en termyntransaksies teenoor die rand uit wat nie in die ses hoofgeldenehede aangegaan is nie, asook tran-

Gemiddelde daaglikske netto omset op die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta



Tabel 2 Gemiddelde daagliks omset op die markte in buitelandse valuta, April 1989¹
\$ miljarde

Lande en items	Bruto omset	Netto omset	Netto kontantomset
Verenigde Koninkryk	241	187	(119)
Verenigde State van Amerika	174	129	81
Japan	145	115	46
Switserland	68	57	30
Singapoer	63	55	(31)
Hongkong	60	49	(30)
Australië	37	30	18
Frankryk	32	26	(15)
Kanada	18	15	6,1
Nederland	16	13	7,2
Denemarke ² (90 persent)	15	13	6,4
Swede ³	13	9,5
België ² (90 persent)	12	10	5,2
Italië ² (75 persent) ³	10	7,6
Ander lande	55	22	16
Totaal	936	744	428
Aansuiwerings vir dubbeltelling oor landsgrense	-204	-123
Geskatte gapings in verslaggewing	100	55
Geraamde wêreldtotaal	640	360
Suid-Afrika ¹	4,6	3,1	2,1

Bronne: Bank for International Settlements, *60th Annual Report*, Basel, Junie 1990, p.209; en Suid-Afrikaanse Reserwebank se opname van bedrywighede in die mark in buitelandse valuta.

Opmerkings: ¹ Die Suid-Afrikaanse syfers is die jaarlike gemiddeldes van daagliks syfers vir 1989 aangesien bedrywighede in die Suid-Afrikaanse mark in April gewoonlik betreklik laag is.
² Die geraamde markdekking word in hakies aangedui.
³ Ingelsluit in die totale van "ander lande".

saksies in finansiële rand, derde-geldeenhede, transaksies in die termynvalutabeurs en opsiekontrakte. Al hierdie tipies transaksies word in die omsetsyfers van die ander lande ingesluit, maar hulle sluit weer slegs een been van valutaruittransaksies in terwyl albei bene in die Suid-Afrikaanse omset ingesluit word.


Hierdie verskille maak dit moeilik om die Suid-Afrikaanse mark met ander markte te vergelyk. Die uitsluiting van transaksies in finansiële rand, termynvaluta en opsiekontrakte uit Suid-Afrika se gegewens het nie 'n betekenisvolle uitwerking nie vanweé die klein omvang van hierdie transaksies in die binnelandse mark. Van meer belang is die uitsluiting van transaksies in derde-geldeenhede wat in die besonder in interbanksake voorkom en heel betekenisvol is. Uit inligting wat van enkele van die meer aktiewe handelaars in buitelandse valuta verkry is, wil dit voorkom of die uitsluiting van hierdie transaksies in 'n sekere mate geneutraliseer sal word deur die insluiting van albei bene van die valutaruittransaksies in Suid-Afrika se omset gegewens. Ten spyte van hierdie verskille verskaf die internasionale vergelykings tog 'n nuttige aanduiding van die relatiewe grootte van die Suid-Afrikaanse mark.

Tabel 2 toon dat die totale gemiddelde daagliks bruto omset in die binnelandse valutemarkte van die een-en-twintig sentrale banke wat die opname in April

1989 gedoen het, \$936 miljard beloop het. Na aansuiwering vir dubbeltelling – interbanktransaksies wat deur albei banke in dieselfde mark maar nie tussen markte gerapporteer is nie – het die daagliks netto omset in al hierdie markte op \$744 miljard te staan gekom. Vanuit hierdie inligting het die Bank vir Internasionale Vereffeninge geraam dat die totale wêreldwye gemiddelde daagliks netto omset \$640 miljard beloop, nadat dubbeltelling oor die grense heen in aanmerking geneem en voorsiening gemaak is vir transaksies in lande wat nie deur die opname gedek is nie en ander tekortkomings in die insameling van inligting.

Volgens die Reserwebank se opname het die totale netto omset in die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta in 1989 'n gemiddelde daagliks syfer van \$3,1 miljard of 0,5 persent van die wêreldtotaal beloop. Soos daar verwag kan word, is die Suid-Afrikaanse mark baie klein in vergelyking met die drie toonaangevende sentra in die Europese, Amerikaanse en Asiatische tydsrones – die Verenigde Koningryk, die Verenigde State van Amerika en Japan – wat vir ongeveer 60 persent van die wêreldhandel verantwoordelik is. Die Suid-Afrikaanse mark is ook betreklik klein teenoor die meer vrye markte, soos dié van Singapoer, Hongkong en Australië, en dit beloop tussen 20 en 30 persent van die omvang van die markte van die meer ge-

Gemiddelde daagliks omset op die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta



industrialiseerde lande soos Kanada, Nederland, Denemarke, Swede, België en Italië.

Dit is ook interessant om daarop te let dat die waarde van die netto transaksie-omset op die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta ongeveer vyftien keer die waarde van Suid-Afrika se uitvoer en invoer van goedere en dienste bedra. Hierdie verhouding is aansienlik kleiner as die wêreld-valutahandel: die wêreldvalutahandel word deur die Bank vir Internasionale Vereffeninge geraam op ongeveer veertig keer die wêreld se uitvoer van goedere en dienste. Dit duï daarop dat transaksies wat uit internasionale kapitaalvloeiinge, verskansing, arbitrasie en spekulasié ontstaan, van heel-wat kleiner relatiewe betekenis in Suid-Afrika is as in die wêreld as geheel, en dat die onderliggende buitelandse-handelstransaksies 'n baie belangrikere rol in die Suid-Afrikaanse mark as in die groter markte speel. Hierdie gevolgtrekking is nie verbasend nie, gesien in die lig van die betreklik onderontwikkelde mark in bui-

telandse valuta wat nog in Suid-Afrika bestaan en waarvan die ontwikkeling boonop deur deviesebeheerbeperkings sowel as die uitwerking van onlangse finansiële sanksies teenoor die land, gestrem word.

'n Ander opvallende kenmerk wat uit die tabel na vore kom, is dat die netto kontanttransaksies in die Suid-Afrikaanse mark in 1989 ongeveer 69 persent van die gemiddelde daagliks netto omset verteenwoordig het. Dit blyk in ooreenstemming te wees met die bevindings van die Bank vir Internasionale Vereffeninge wat gevind het dat die verhouding van die kontant- tot die totale buitelandse-valutatransaksies in die hoofsentra tussen 40 en 60 persent gewissel het, maar geneig het om aansienlik hoër te wees in die kleiner markte waar deviesebeheer en belasting die termyn-, termynbeurs- en opsietransaksies beperk of ontmoedig.¹ Indien daar egter in aanmerking geneem word dat kontanttransaksies deur die Bank vir Internasionale Vereffeninge in 'n eng sin gedefinieer word om die kontantbeen van ruitransaksies en termynkontrakte wat vervaldatum bereik het, uit te sluit, terwyl termynbeurs- en opsiekontrakte in termyntransaksies ingesluit word, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die verhouding van die kontant- tot totale transaksies in Suid-Afrika vergelykenderwys laer is as diezelfde verhouding in ander kleiner markte. Die betreklike groter omvang van termyntransaksies in die Suid-Afrikaanse mark hou waarskynlik verband met die skuldstilstand en herskeduleringsreeëlings met buitelandse krediteure tesame met die siening dat die rand 'n sterk afwaartse potensiaal het, wat tot 'n groter proporsionele termyndekking van die buitelandse skuld aanleiding gegee het.

Groeи in die mark in buitelandse valuta

Van die eerste sewe maande van 1987 tot die eerste sewe maande van 1990 het die daagliks gemiddelde netto omset op die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta met 'n gemiddelde koers van 23½ persent per jaar toegeneem. Hierdie groei van die Suid-Afrikaanse mark vergelyk goed met die gemiddelde toenamekoers van bykans 30 persent per jaar in vier lande (Kanada, Japan, die Verenigde Koninkryk en die Verenigde

¹ Bank for International Settlements: *60th Annual Report*, Basel, Junie 1990, p.210.

Tabel 3 Persentasiegroei in die gemiddelde netto daagliks omset op die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta

Tydperk	Kontanttransaksies	Termyntransaksies	Totale transaksies
1987 tot 1988	52,4	42,7	49,2
1988 tot 1989	19,7	18,6	19,4
Eerste sewe maande van 1989 tot eerste sewe maande van 1990	14,3	6,5	11,4
Gemiddelde jaarlikse groei vanaf die eerste sewe maande van 1987 tot die eerste sewe maande van 1990	24,9	20,4	23,5

State) wat inligting in 1986 sowel as in 1989 ingesamel het. Die groei in transaksies in buitelandse valuta in Suid-Afrika het, net soos in genoemde lande, teen 'n aansienlike vinniger tempo as die waarde van die buitelandse handel gegroeи. Die gekombineerde waarde van die invoer en uitvoer van goedere en dienste in Suid-Afrika het van 1987 tot 1990 teen 'n gemiddelde jaarlike koers van slegs 4 persent gegroeи; die groei in die mark in buitelandse valuta was dus bykans ses keer hoér as die uitbreiding in die buitelandse-handelstransaksies.

Die groei in omset in die valutemarkte van bovenoemde vier nywerheidslande was hoér in dié lande waar vinnige uitbreiding in die internasionale bankwese plaasgevind het. Die jaarlike groeikoers van die Japanse mark was, byvoorbeeld, 34 persent teenoor slegs 16½ persent in die geval van die Kanadese mark. Die prestasie van die Suid-Afrikaanse valutemark was heel merkwaardig indien dit in aanmerking geneem word dat dié groei behaal is sonder enige aansienlike uitbreiding van die internasionale bankwese in die binelandse mark gedurende hierdie tydperk. Bo en behalwe hierdie faktor, moes aansienlike afbetelings op die buitelandse skuld gemaak word, streng valutabeheerraatreëls het gegeld en baie lande het beperkings geplaas op investering in en ander kapitaalvloeinge na Suid-Afrika.

Aan die ander kant was die Suid-Afrikaanse groei-prestasie heelwat laer as dié van die Australiese mark in buitelandse valuta, waar die netto omset van 1986 tot 1989 teen 'n gemiddelde koers van 44 persent per jaar gestyg het. Hierdie aansienlik vinniger groei van laasgenoemde mark was hoofsaaklik toe te skryf aan die betreklike oopheid van die finansiële mark van hierdie land, 'n gunstige tydsone-ligging en groot kapitaalvloeinge na Australië om die aansienlike tekorte op die lopende rekening van hul betalingsbalans te finansier.²

Bowendien was die daagliks gemiddelde omset in die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta in 1987 – die beginpunt van die berekening van die gemiddelde jaarlike groeikoers – waarskynlik steeds besonder laag as gevolg van die invloed van die stilstandreelings aangaande die terugbetaling van buitelandse skuld en die betreklike bestendigheid van die wisselkoers gedurende die grootste deel van die jaar. Hierdie laevlak van transaksies in 1987, gevolg deur 'n skerp depresiasi van die rand en die aansienlike kapitaaluitvloeinge in 1988, was in hoofsaak verantwoordelik vir 'n toename in die daagliks gemiddelde netto omset in die mark in buitelandse valuta van net meer as 49 persent gedurende daardie jaar. Hierdie aansienlike groei in bedrywigheid het in 1989 aanmerklik teruggesak tot slegs 19½ persent, ten spyte van die aansienlike toename in die volume van die goedere-uitvoer en volghoue groot kapitaaluitvloeinge. Hierdie groeikoers het

in 'n klimaat van betreklik bestendige wisselkoerse en laer kapitaalvloeinge gedurende die eerste sewe maande van 1990, in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk in 1989, verder gedaal tot slegs 11½ persent.

Uit die inligting in tabel 3 is dit ook duidelik dat die daagliks gemiddelde omset in kontanttransaksies teen 'n vinniger tempo gegroeи het as die transaksies in die termynmark. Hierdie kontantomsetsyfers sluit egter ruitransaksies in wat uit termyntransaksies ontstaan het. Dit is ook interessant om daarop te let dat die termynomset in die eerste sewe maande van 1990, in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk in 1989, teen 'n baie lae koers van 6½ persent toegeneem het.

Maandeliks verspreiding van omset


Die maandeliks verspreiding van die netto omset in die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta toon 'n taamlike wisselvallige patroon oor die tydperk waarvoor die inligting saamgestel is. Nietermin kan 'n aantal afleidings van hierdie verspreiding gemaak word. Eerstens toon skommelings in die omset in die mark in buitelandse valuta 'n noue verwantskap met die mate van onsekerheid en onbestendigheid van die wisselkoers van die rand. Gedurende tye van betreklik bestendige toestande in die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta, het die omset in die mark redelik bestendig gebly. In tye van onsekerheid is skerp skommelings in die omsetsyfers waarneembaar. Dit word duidelik geïllustreer deur die betreklike bestendigheid in die totale omsetsyfers in 1987 en in die meer onlangse tydperk van wisselkoersstabiliteit vanaf ongeveer Oktober 1989 tot die middel van 1990. Gedurende 1988 en die eerste nege maande van 1989, het die maandeliks gemiddelde omset in die mark in buitelandse valuta aansienlike veranderings in die meeste van die maande getoon.

Tweedens was die omset in kontanttransaksies gedurende die grootste deel van die oorsigttydperk aansienlik meer bestendig as die omset in langtermyntransaksies, ten spyte van die feit dat kontanttransaksies wat uit ruitransaksies ontstaan het in die totale kontantomset ingesluit is. Dit impliseer natuurlik dat die kontantomset uitgesonderd die ruitransaksies van maand tot maand selfs gladder sou verloop het. In die tydperk van betreklike wisselkoersstabiliteit van Oktober 1989 tot die middel van 1990 het die termynomset egter merkwaardig bestendig gebly en ook teen 'n baie laer koers toegeneem.

Derdens kon geen bepaalde seisoenspatroon uit die beskikbare gegewens vasgestel word nie as gevolg van die betreklik kort tydperk waarvoor dit ingesamel is sowel as die aansienlike toevallige veranderings in die lopende sowel as kapitaaltransaksies met nie-inwoners. Dié gegewens is in die besonder beïnvloed deur aansienlike vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangste, wat taamlik dikwels gedurende dié betrokke tydperk voorgekom het. Ten spyte

² Reserve Bank of Australia: "The Australian Foreign Exchange Market", *Reserve Bank of Australia Bulletin*, Maart 1990, pp.14-15.

Gemiddelde daagliks omset op die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta



van hierdie skommelings wil dit uit die ingesamelde inligting voorkom of die omset in die mark in buitelandse valuta in die laaste maand van elke kwartaal styg, wat weer gevolg word deur betreklik lae omsetsyfers in die eerste maand van die volgende kwartaal. Hierdie patroon stem in 'n groot mate ooreen met die seisoenspatroon in die waarde van Suid-Afrika se buitelandse handel, behalwe in die geval van die vierde kwartaal aangesien die handel in Desember gewoonlik redelik laag is. Rente- en ander kontraktuele betalings aan nie-inwoners is normaalweg ook redelik hoog in die laaste maand van elke kalenderkwartaal.

Vierdens was Junie die een maand waarin die bedrywigheid in die mark in buitelandse valuta heelwat bo die neigingslyn van die maandelikse omset in al die betrokke jare was. Bykomend tot die faktore wat aanleiding gegee het tot die hoë omsetsyfers in die laaste maand van elke kwartaal, is die Junie-omsetsyfers gedurende 1987 tot 1990 ook beïnvloed deur terugbetalings van buitelandse skuld wat kragtens die Eerste en die Tweede Tussentydse Ooreenkoms met buitelandse krediteure gemaak moes word, sowel as deur ander buitelandse leningsverpligtings wat in dié maand verval het. Die druk wat hierdie terugbetalings op die vlak van Suid-Afrika se buitelandse reserwes in Junie geplaas het, was een van die redes waarom die terugbetalings in die Derde Tussentydse Ooreenkoms van Junie en Desember na Februarie en Augustus verskuif is. Dit is egter interessant om daarop te let dat ondanks hierdie verpligtings, die omsetsyfers in Desember betreklik klein was, hoofsaaklik vanweë die feit dat Desember in 'n belangrike vakansieseisoen in Suid-Afrika val wanneer baie fabrieke en ander ondernemings vir 'n groot deel van die maand gesluit is.

Laastens stem die kontantomsettransaksies, soos verwag kan word, baie nouer ooreen met die patroon van die totale omsetsyfers as met dié van termyntransaksies. Die kontantomsetbedrywigheid was gevoldiglik ook in die laaste maand van elke kwartaal hoér, behalwe in die geval van die vierde kwartaal. In die laaste drie maande van die jaar het die vakansieseisoen in Desember en groot dividendbetalings wat in November betaalbaar word, hoér November-omsetwaardes in twee uit die drie betrokke jare tot gevolg gehad. Die gemiddelde maandelikse waarde van termyntransaksies het gedurende die grootste deel van hierdie tydperk aansienlik geskommel en geen definitiewe gevoltrekkings kan tot nog toe met betrekking tot die maandelikse verspreiding van die omset gemaak word nie.

Markkonsentrasie

Die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta is nie slegs betreklik klein in vergelyking met die markte van die nywerheidslande nie, maar is ook hoogs gekonsentreerd. Wat die bruto omset betref, is in die opname van die Reserwebank bevind dat agt van die 21 gemagtigde valutahandelaars in Suid-Afrika vir nie

minder nie as 80 persent van die totale waarde van die transaksies in 1989 verantwoordelik was. Daar is ook bevind dat die vyf bedrywigste handelaars in buitelandse valuta vir 64 persent van die bruto omset verantwoordelik was. Hierdie verhoudings het redelik konstant gebly gedurende die hele tydperk waarvoor die opname gedoen is.

In teenstelling met hierdie hoogs gekonsentreerde mark, het die Bank van Engeland gevind dat die Londense mark in buitelandse valuta effens meer wydverspreid was. Tien van die 365 handelaars wat aan die opname van die Bank van Engeland deelgeneem het, het 'n gesamentlike aandeel van ongeveer 35 persent in die hele mark gehad. Soos in 'n internasionale mark verwag kan word, speel buitelandse instellings ook 'n belangrike rol in Londen en was hulle vir 80 persent van die omset in April 1989³ verantwoordelik, terwyl hulle natuurlik 'n betreklik onbelangrike rol in die Suid-Afrikaanse mark vervul. Die Suid-Afrikaanse mark is ook meer gekonsentreerd as die Australiese mark, waar die boonste tien handelaars in April 1989 vir ongeveer 60 persent van die markomset verantwoordelik was.⁴

Bedrywighede van die markdeelnemers

Op grond van die wêreldwye opname wat in April 1987 onderneem is, het die Bank vir Internasionale Vereeniging geraam dat meer as drie-kwart van die netto gerapporteerde transaksies op markte in buitelandse valuta plaasgevind het tussen banke en ander handelaars wat óf in die binneland óf in die buitenland gevestig is.⁵ Ongelukkig word gegewens oor transaksies tussen gemagtigde Suid-Afrikaanse valutahandelaars en nie-inwoner-banke nie afsonderlik in die Reserwebank se opname ingesamel nie. Uit die inligting wat verkry is, word daar egter geraam dat die verhouding van interbanksake tot die totale sakebedrywigheid in 1989 hoogstens sowat 57 persent beloop het, dit wil sê aansienlik onder die wêrldgemiddelde.


Die wêreldwye opname het ook aan die lig gebring dat die sentra waar op aansienlike skaal internasionale banksake behartig word, soos dié van die Verenigde Koninkryk, Singapoer en Hongkong, baie hoér verhoudings van interbanktransaksies het as die ander sentra met minder internasionale banksake, soos dié in Japan, Kanada en Australië. Maar die interbanksake in laasgenoemde groep lande was ook aansienlik groter as dié van Suid-Afrika. In Kanada was die verhouding van die interbanksake tot die totale sakebedrywigheid in April 1989 70 persent, in Australië 73 persent en in Japan 68 persent. Boonop was hierdie verhouding selfs hoër in lande met kleiner markte in buitelandse valuta, soos Nederland (89 persent), Denemarke (91 persent) en Italië (88 persent).

³ Bank of England: "The market in foreign exchange in London", *Bank of England Quarterly Bulletin*, Maart 1990, p.535.

⁴ Reserve Bank of Australia: *op. cit.*, p.17.

⁵ Bank for International Settlements: *op. cit.*, p.210.

Deelnemers in die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta



In die besonder was die transaksies tussen Suid-Afrikaanse binnelandse gemagtigde valutahandelaars en nie-inwoner-banke inderdaad baie onbeduidend vergeleke met die res van die wêrld. Die verhouding van internasionale banksake tot die totale netto omset in Suid-Afrika in 1989 word op 7 persent geraam, teenoor meer as 50 persent vir Australië sowel as Kanada. In die kleiner markte was hierdie verhouding selfs nog hoër, naamlik ongeveer twee-derdes van die totale netto omset.⁶

Die buitengewoon klein verhouding van internasionale banksake in Suid-Afrika was moontlik gedeeltelik die gevolg van die land se uitsonderlike posisie in die internasionale finansiële gemeenskap in die tagtigerjare. Die vergelykenderwys hoogs gereguleerde Suid-Afrikaanse valutamark was waarskynlik ook nie bevorderlik vir die uitbreiding van internasionale banksake nie. Maar van nog groter belang, is dat dit ook toegekskryf kan word aan die feit dat transaksies in derde-

⁶ Bank for International Settlements: *op. cit.*, p.209.

Tabel 4 Netto omset in die mark in buitelandse valuta volgens belangrikste deelnemers

%

Deelnemers	1987	1988	1989	Eerste sewe maande van 1989	Eerste sewe maande van 1990
Binnelandse kliënte	37,7	35,3	41,6	39,3	45,7
Nie-inwoners	8,9	8,1	8,6	10,2	6,6
Binnelandse interbank	53,4	56,6	49,8	50,5	47,6
Totaal	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

geldeenheid nie by die omsetsyfers van Suid-Afrika ingesluit is nie, maar wel by dié van die ander lande. In hierdie vergelyking van internasionale banksake sal die uitsluiting van transaksies in derde-geldeenheid natuurlik nie geneutraliseer word deur die insluiting van albei bene van ruitransaksies in die Suid-Afrikaanse gegewens nie, aangesien dit hoofsaaklik 'n deel van binnelandse interbanksake uitmaak.

Hierdie faktore, veral laasgenoemde, was moontlik ook verantwoordelik vir die vergelykenderwys hoë verhouding van binnelandse interbanksake in die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta. Die binnelandse interbank- tot die totale netto transaksie het bykans 50 persent in 1989 beloop, teenoor 'n wêreldgemiddelde van ongeveer 25 persent. Insgelyks het die verhouding van transaksies met binnelandse kliënte tot die totale netto omset in Suid-Afrika in 1989 die hoë vlak van byna 42 persent bedra, vergeleke met 'n wêreldgemiddelde van slegs ongeveer 15 persent.

In die vergelyking van die relatiewe omset van elke tipe deelnemer is dit egter belangrik om in gedagte te hou dat die sake met finale kliënte 'n groot deel van die omset in die interbankmark voortbring. Transaksies met nie-bank-kliënte het 'n vermenigvuldigereffek, in die lig daarvan dat hulle gemagtigde handelaars met ongewenste of nie-toelaatbare blootstellings mag agterlaat – veral in 'n gespanne mark – en 'n reeks interbanktransaksies mag noodsaak voordat alle posisies vrywillig gehou word, of binne die perke is wat deur die owerhede voorgeskryf word. Bowendien word regstreekse termynbestellings van kliënte normaalweg deur gemagtigde handelaars by wyse van ruiloooreenkoms uitgevoer. So, byvoorbeeld, sal 'n termynverkooptransaksie van dollars aan 'n kliënt in baie gevalle tot drie ander transaksies aanleiding gee ('n kontantaankoop van dollars, 'n kontantverkoop van dollars en 'n termynaankoop van dollars). Hierdie ander transaksies word in die omsetsyfers van die opname ingesluit en sal heel waarskynlik as interbanktransaksies aangedui word. Hierdie tipe transaksie maak dit toenemend moeilik om kliënte se transaksies in buitelandse valuta wat met handelsbedrywighede verband hou, te onderskei van dié wat van 'n finansiële aard is.

Dit is ook interessant om in tabel 4 daarop te let dat die relatiewe aandeel van die markdeelnemers taamlik aansienlik verander het oor die opname-tydperk.

Vanaf 1987 tot die eerste sewe maande van 1990 het die relatiewe aandeel van sake met binnelandse kliënte toegeneem hoofsaaklik ten koste van interbanksake. Die verhouding van die netto omset met binnelandse kliënte tot die totale omset het van net minder as 38 persent in 1987 tot ongeveer 46 persent in die eerste sewe maande van 1990 toegeneem. Die verhouding van interbanksake tot die totale netto omset het van byna 53½ persent in 1987 tot net minder as 48 persent in die eerste sewe maande van 1990 gedaal. Dieselfde verhouding vir sake met nie-inwoners het in die tydperk 1987 tot 1989 rondom 8½ persent geskommel en toe in die eerste sewe maande van 1990 skerp tot 6½ persent gedaal.

'n Ander uitstaande kenmerk aangaande die deelnemers in die Suid-Afrikaanse mark vir buitelandse valuta, is die groot en belangrike rol wat die Reserwebank in die mark in buitelandse valuta speel. In die tydperk vanaf 1987 tot die eerste sewe maande van 1990 het die bruto omset van die Reserwebank in die mark op gemiddeld ongeveer 12½ persent van die totale bruto omset te staan gekom.

In teenstelling met die toestand in die meeste ander lande, is die sentrale bank in Suid-Afrika 'n aktiewe deelnemer in die land se mark in buitelandse valuta. Die Reserwebank gaan nie slegs transaksies volgens sy eie diskresie aan nie, maar ook op die inisiatief van die handelaars in buitelandse valuta. Die Reserwebank was veral tot die einde van 1988 aktief betrokke in die balansering van die kontant- en termynvraag en -aanbod van dollars vanweë sy verantwoordelikheid vir die beemarking van Suid-Afrika se goudproduksie waarvoor hy die goudmyne in rand betaal het.⁷ In die lig van hierdie randbetmalings vir die goudopbrengs het die kontantverkope van gemagtigde handelaars gewoonlik hul kontantaankope oorskry, met die gevolg dat die Reserwebank kontantdollars moes verkoop om 'n meer gebalanseerde aanbod van dollars te verkry. Vanaf 8 Desember 1988 het die Bank begin om die goudmyne in dollars vir hul goudproduksie te betaal, wat

⁷ Vir 'n kort tydperk van September 1983 tot die einde van Januarie 1985 is die mynboubedryf in VSA-dollars betaal vir goud wat aan die Reserwebank verkoop is, en van Februarie 1985 tot die begin van Desember 1985 het die Bank die helfte in rand en die helfte in dollars betaal.

vanself 'n meer gebalanseerde kontantmark tot gevolg gehad het.

Ondanks verskeie pogings om die werksaamhede in die termynmark te verbeter, het die Reserwebank sy rol as "markbepaler" in die termynmark behou. Die Bank het voortgegaan om as "termyndekker in die laaste instansie" op te tree en om, vir die rekening van die Tesourie, die volle blootstelling in die termynmark te dra. Die Bank bepaal ook (op 'n diskresionêre wyse) die marges tussen die kontant- en termynkoerse vir verskillende looptye. Vanweë die Bank se rol as 'n markbepaler en die struktuur van die Suid-Afrikaanse mark, was die Reserwebank se verkope van termynkontrakte in die tagtigerjare normaalweg aansienlik groter as sy aankope van termynvaluta. Hierdie bykans voortdurende netto termynverkope van die Reserwebank is vererger deur die feit dat slegs 'n klein gedeelte van die goudverkope – Suid-Afrika se belangrikste uitvoerproduk – vooruit gedeck word; 'n eensydige siening oor verwagte wisselkoersbewegings bestaan gewoonlik in 'n dun mark en in die tagtigerjare het dit oor die algemeen 'n depresiasi van die rand aangemoedig; en die stilstandredelings het tot verhoogde dekking van buitelandse lenings aanleiding gegee.

As gevolg van die voortdurende en ongekontroleerde wisselwerking tussen die kontant- en termynmarkte, beïnvloed die Bank se oorheersende rol in die termynmark ook die kontantmark. In die lig van die toenemende belangrikheid van ruitransaksies wat as 'n middel tot vooruitdekking gebruik word, en omdat die Bank gewoonlik 'n netto verkoper van termynvaluta is, het hierdie ruitransaksies tot 'n aansienlike toename in die Bank se aankope van kontantdollars geleid.

Die Bank het ook voortgegaan om gereeld in die kontantmark in buitelandse valuta in te gryp om ontwikkelings in die mark regstreeks te beïnvloed. In hierdie intervensiebedrywighede word die Bank in die besonder deur die volgende intermediêre doelstellings beïnvloed:

"Firstly, the Bank sees it as its proper function to smooth out unduly large short-term fluctuations in the exchange rate, especially when they are of a temporary and reversible nature. This can happen in particular in the South African market when singularly large transactions have to be executed.

Secondly, the Bank at times has to enter the market as a buyer of foreign exchange in order to fund its own positions. In view of the Bank's continued involvement in the forward exchange market it often has a need for foreign exchange which can only be acquired from the market-place.

Thirdly, the Bank likes to stay in contact with the market and therefore to be present in the market at all times, even if it does little intervention on balance.

Fourthly, the Bank realises how closely its foreign exchange operations are linked to its operations in the domestic money market and, at times, uses its

intervention in the foreign exchange market to supplement simultaneous actions in the money market."⁸

In ooreenstemming met die meeste van die nywerheidslande se markte in buitelandse valuta, speel makelaars in buitelandse valuta ook 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta. Slegs vier makelaars in buitelandse valuta is in die Suid-Afrikaanse mark bedrywig, maar markbronne is van mening dat hulle enigiets tussen 15 en 30 persent van die omset waar die rand by die transaksies betrokke is, reël. Hul transaksies in derde-geldeenheide verteenwoordig waarskynlik 'n aansienlik hoër persentasie van die totale omset in die mark. Die transaksies wat deur makelaars gereël word, beloop in die groter markte gemiddeld sowat 40 persent (Verenigde State, 44 persent; Verenigde Koninkryk, 45 persent; Kanada, 40 persent; Australië, 33 persent; en Frankryk, 42 persent).⁹

Valutasamestelling van omset


Uit die Reserwebank se opname is bepaal dat bykans 85 persent van die gemiddelde daagliks netto omset in buitelandse valuta in Julie 1990 met rand aan die een kant en die ses onderskeie geldeenhede aan die ander kant van die transaksie, transaksies tussen die VSA-dollar en die rand verteenwoordig het. Alhoewel die dollar verreweg die belangrikste geldeenheid in transaksies in buitelandse valuta gebly het, het sy relatiewe aandeel in die totale netto randomset afgeneem van 93 persent in Julie 1987. Hierdie afname in die aandeel van dollartransaksies het plaasgevind as gevolg van die vinniger toenames in transaksies tussen die rand en die Duitse mark, Britse pond, Switserse frank en Japanse yen. In die besonder het die verhouding van transaksies in Duitse mark tot die totale netto randomset skerp van 2,5 persent in Julie 1987 tot 8,1 persent in Julie 1990 toegeneem, wat die Duitse mark die tweede belangrikste geldeenheid in die Suid-Afrikaanse mark gemaak het. Die Duitse mark is in Julie 1990 gevolg deur die Britse pond met 2,7 persent en die Switserse frank en Japanse yen, albei met 2,1 persent van die omset. Transaksies tussen die Franse frank en die rand het in Julie 1990 slegs 0,3 persent van die totale netto randomset verteenwoordig. Min of meer dieselfde relatiewe verspreiding van geldeenhede het in beide kontant- en die termynvalutatransaksies voorgekom, maar die persentasie-aandeel van die dollar in die termynmark was effens hoër as in die kontantmark.

Die Bank vir Internasionale Vereffeninge het gevind dat die VSA-dollar verreweg die belangrikste gelddeenheid in die wêreldmark is en dat dit betrokke was

⁸ C.L. Stals: "The role of the central bank in the foreign exchange market." Address at the ACI Junior Seminar, Johannesburg, 18 Februarie, 1985, pp. 13-14.

⁹ Reserve Bank of Australia: *op. cit.*, p.15.

Valutasamestelling van netto omset



by ongeveer 90 persent van alle transaksies wat aangegaan is.¹⁰ In die meeste van die markte was die transaksies tussen die dollar en die plaaslike geldeenheid egter aansienlik kleiner as in die Suid-Afrikaanse mark. In Italië was die dollar byvoorbeeld vir bykans 61 persent van alle buitelandse-valutatransaksies teen die Italiaanse lira verantwoordelik.¹¹ In Tokio het tot 72 persent van die jaar se totale omset in verband gestaan met sake in VSA-dollar, terwyl die verhouding in London slegs 27 persent vir sake tussen dollar en pond sterling bedra het.¹²

Samestelling en vlak van buitelandse reserwes

Suid-Afrika se goud- en ander buitelandse reserwes word hoofsaaklik deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gehou. Vanaf 1939 het valutabeheerregulasies private bankinstellings se besit aan buitelandse reserwes hoofsaaklik beperk tot bedryfsaldo's wat vir

normale operasionele doeleindes in die buiteland gehou word. In 1979 is hierdie perke aansienlik verhoog met die oog daarop om die bedrywighede in die mark in buitelandse valuta te bevorder. Sedertdien het die Reserwebank volgehou om perke te stel ten opsigte van die maksimum toelaatbare besit aan buitelandse valuta deur bankinstellings, wat tans vir alle banke saam \$474 miljoen bedra. Hierbenewens hou die banke buitelandse korttermynbates in naburige lande wat in rand betitel is en wat deel van die buitelandse reserwes uitmaak. Die sentrale regering hou gewoonlik ook klein bedryfsaldo's in die buiteland.

Die buitelandse reserwes van hierdie instellings word gewoonlik hoofsaaklik gehou in die vorm van goudreserwes, buitelandse-valutareserwes, spesiale trekkingsregte en 'n netto reserweposisie in die Internasionale Monetêre Fonds.

Die grootste deel van die land se buitelandse reserwes is normaalweg in die vorm van goudreserwes gehou. Goud het gedurende die laaste drie dekades gemiddeld ongeveer twee-derdes van die land se buitelandse reserwes uitgemaak. Dit was nog altyd 'n belangrike element van die owerheid se beleid om 'n groot goudbesit te handhaaf, onder andere omdat dit aan die buitewêrld toon dat Suid-Afrika vertroue in goud het. Goud is ook minder onderhewig aan politieke optredes in soverre dit nie in die buiteland gehou hoeft te word nie. Die belangrikste nadele van so 'n beleid is dat geen rente op die goudbesit verdien word nie en dat dit die bedrag aan buitelandse valuta wat onmiddellik vir intervensiedoelendes beskikbaar is, beperk.

In die lig van hierdie swakhede, asook die ernstige probleme wat onlangs ondervind is met die finansiering van buitelandse skuldterugbetmalings en verwagtings aangaande goudprysontwikkelings, is die goudkomponent van die buitelandse reserwes oor die afgelope drie jaar verminder. Die goudreserwe as 'n persentasie van totale reserwes het byvoorbeeld van 65,2 persent aan die einde van 1986 tot 62,6 persent aan die einde van 1987 afgeneem, voordat dit verder tot 47,7 persent aan die einde van 1988 gedaal het. Hierdie verhouding het daarna matig verder tot 41,9 persent aan die einde van 1989 gedaal en daarna weer na 47,9 persent op 31 Julie 1990 gestyg.


Oor dieselfde tydperk is 'n min of meer teenoorgestelde toename aangeteken in die verhouding van buitelandse reserwes wat in die vorm van buitelandse valuta gehou word, dit wil sê hoofsaaklik onmiddellik opeisbare deposito's en daggeld by buitelandse finanziële instellings, beleggings in Skatkiswissels en effekte van buitelandse owerhede, en ander betreklik likwiede beleggings in buitelandse valutabates. Soos verwag kan word, het hierdie toename hoofsaaklik voorgekom in die land se buitelandse bates wat in dollar betitel is. Vanweë die belangrike rol wat die dollar as 'n internationale geldeenheid speel en die groot deel van Suid-Afrika se invoer, uitvoer en finansiële transaksies met die res van die wêreld wat in dollars betitel is, is Suid-

¹⁰ Bank for International Settlements: *op. cit.*, p.210.

¹¹ Banca d'Italia: "Turnover on the Foreign Exchange Market," *Banca d'Italia Economic Bulletin*, Februarie 1990, p.54.

¹² Bank of England: *op. cit.*, p.533.

Samestelling van Suid-Afrika se bruto buitelandse reserwes



Afrika se buitelandse-reserwebesit hoofsaaklik in die vorm van dollarbates gehou. Die verhouding van die buitelandse-reserwebesit wat in dollars betitel is tot die totale buitelandse-valutabesit, het onlangs selfs verder gestyg, naamlik van 57 persent aan die einde van 1986 tot bykans 72 persent aan die einde van 1989.

Oor dieselfde tydperk het die verhouding van die buitelandse-reserwebesit wat in Britse pond betitel is in verhouding tot die totale buitelandse-valutareserwes van 4 tot 16 persent gestyg, met die gevolg dat die bates wat in hierdie twee geldeenheide betitel is, 88 persent van die besit aan reserwegeldeenheide aan die einde van 1989 uitgemaak het. Hierdie relatiewe toename in die besit aan dollars en die Britse pond het ten koste van bykans al die ander geldeenheide voorgekom, met die uitsondering van valutabates wat in Duitse mark betitel is, wat matig gestyg het.

Die Reserwebank het ook by tye betreklik groot bedrae aan spesiale trekkingsregte as deel van die buitelandse-reserwebesit gehou. As 'n deelnemer in die Spesiale Trekkingsregte Departement van die Internasionale Monetêre Fonds, is aan Suid-Afrika spesiale trekkingsregte ten bedrae van STR 220,4 miljoen toegedeel. Suid-Afrika het egter nooit die totale toedeling in sy buitelandse reserwes gehou nie. Die hoogste besit aan spesiale trekkingsregte is aan die einde van Maart 1982 aangeteken en het R135 miljoen bedra. Hierdie saldo's het daarna vinnig tot R40 miljoen aan die einde van 1983 afgeneem en is vervolgens op 'n

lae vlak gehandhaaf.

Laastens maak Suid-Afrika se netto reserweposisie in die Internasionale Monetêre Fonds, dit wil sê die sogenaamde reserwe- en super-reserwetrancheposisie in die Internasionale Monetêre Fonds, ook deel van die land se goud- en ander buitelandse reserwes uit. Die reserwetrancheposisie is 'n outomatiese trekkingsreg wat lede van die Internasionale Monetêre Fonds verkry kragtens die bepaling van die Fonds se Akte van Ooreenkoms dat lede 25 persent van hul ledengelde in die Fonds in die vorm van spesiale trekkingsregte of ander lede se geldeenheide wat vir die Fonds aanvaarbaar is, moet betaal. 'n Super-reserwetrancheposisie ontstaan wanneer 'n lid se geldeenheid benoem word in die voorsiening van krediet aan ander lede en wanneer die lid reeds 25 persent van sy ledengelde in spesiale trekkingsregte en ander lede se gelddeenheide hou. Met die oog op die likwiditeitsprobleme wat Suid-Afrika in onlangse jare ondervind het, het Suid-Afrika die oorblywende kredietsaldo op hierdie fasiliteit in Desember 1985 getrek.

Ondanks die oorskotte wat op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken is, en wat van die begin van 1985 tot die tweede kwartaal van 1990 in totaal R26,1 miljard beloop het, was die netto uitvloeiing van R29,1 miljard van kapitaal nie verwant aan reserwes nie, verantwoordelik vir die lae vlak van die goud- en ander buitelandse reserwes dwarsdeur hierdie 5½-jaar-tydperk. Terwyl die totale goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die eerste vyf jaar van die tagtigerjare tussen 2 tot 2½ maande se totale invoer van goedere en dienste geskommel het, het dit in die volgende vyf jaar afgeneem tot vlakke wat van 1,3 tot 2 maande se totale invoer gewissel het. Aan die einde van Julie 1990 het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes 'n vlak bereik wat gelyk was aan slegs vyf weke se invoer van goedere en dienste. 'n Aansienlike verbetering in die totale betalingsbalans het egter in die eerste sewe maande van 1990 'n toename van nie minder nie as R1,1 miljard in die netto goud- en ander buitelandse reserwes tot gevolg gehad, wat duidelik daarop dui dat die owerhede verkies het om die reserwe-verwante laste terug te betaal in plaas van om die bruto buitelandse reserwes van die land op te bou.

Geen dogmatiese stelling kan gemaak word met betrekking tot die optimale vlak van 'n land se goud- en ander buitelandse reserwes nie. Na gelang van ekonomiese omstandighede en baie ander faktore kan hierdie vlak in elk geval met verloop van tyd verander. Die optimale grootte van 'n land se reserwes is positief gekorreleer met die mate van die owerheid se intervensie in die mark in buitelandse valuta. Lande met groot kredietfasilitete om betalingsbalanstekorte te finansier, het egter minder behoefté aan 'n groot buitelandse-valutabesit as lande met beperkte finansieringsfasilitete en skerp skommelende transaksies met die res van die wêrld.

Sedert die vroeë sewentigerjare is Suid-Afrika se betalingsbalans gekenmerk deur aansienlike swaaie as gevolg van faktore soos skommelings in die goud- en ander internasionale grondstofpryse, vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangste, en sosio-politieke ontwikkelings. In die lig van hierdie groter onbestendigheid, het die land nou 'n groot besit aan goud- en ander buitelandse reserwe saldo's nodig vir doeltreffende intervensiedoeleindes indien dit die stelsel van beheerde swewing wil handhaaf. Hierdie behoefte word vergroot deur die feit dat Suid-Afrika moet volhou om netto terugbetelings op buitelandse skuld te maak, wat ook in intensiteit oor verskillende tydperke mag wissel, tesame met die beperkte beskikbaarheid van buitelandse kredietfasilitete om betalingsbalanstekorte te finansier.

Slotsom

In 'n opname van die Reserwebank oor die werkshede in die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta is daar bepaal dat die gemiddelde daagliks netto omset in 1989 in transaksies waarby die rand betrokke was, \$3,1 miljard beloop het, of 'n geraamde 1½ persent van die wêreld se netto valuta-omset. Kontanttransaksies was vir ongeveer 69 persent van hierdie omset verantwoordelik, maar omdat hierdie transaksies in 'n wye sin omskryf is om die kontantbeen in te sluit van ruiloooreenkoms en ander termynkontrakte wat verval, is hierdie verhouding klein vergeleke met ander kleiner markte in buitelandse valuta. Die betreklike groter omvang van termyntransaksies in die Suid-Afrikaanse mark hou waarskynlik verband met die skuldstilstand, tesame met die algemene opvatting in die laat tagtigerjare dat die rand 'n sterk afwaartse potensiaal het, wat tot 'n toename in termyndekking van buitelandse skuld gelei het. Die Suid-Afrikaanse mark is nie slegs betreklik klein nie, dit is ook hoogs gekonsentreerd in die sin dat slegs 'n paar handelaars vir die grootste deel van die transaksies verantwoordelik was.

Die gemiddelde jaarlikse groeikoers van 23½ persent in die netto omset in buitelandse valuta vanaf die eerste sewe maande van 1987 tot die eerste sewe maande van 1990 vergelyk redelik gunstig met die ander markte in buitelandse valuta waar die volume van internasionale banksake betreklik klein is. Die groeikoers van die omset op die Suid-Afrikaanse mark in buitelandse valuta was ook ses keer hoër as die uitbreiding in die land se buitelandse handelstransaksies, wat daarop dui dat finansiële transaksies in die mark teen 'n vinnige tempo toegeneem het. Hierdie prestasie van die Suid-Afrikaanse mark was taamlik merkwaardig omdat dit in 'n hoogs gereguleerde milieu behaal is, met kwalik enige betekenisvolle toename in internasionale banksake en met beperkings wat deur baie ander lande op kapitaalvloeiinge na Suid-Afrika geplaas is.

Alhoewel die maandelikse verspreiding van die markomset in buitelandse valuta 'n taamlik wisselvallige patroon oor die opname-tydperk gehad het, het skommelings redelik met die mate van onsekerheid en onbestendigheid van die wisselkoers van die rand ooreengestem. Bowendien was kontanttransaksies aansienlik bestendiger as die omset in termyntransaksies. Ongelukkig is die opname-tydperk nog te kort om enige bepaalde seisoenspatroon vas te stel. Nietemin dui die beskikbare inligting daarop dat die omset in die mark in buitelandse valuta normaalweg betreklik hoog is in die laaste maand en betreklik laag is in die eerste maand van elke kwartaal. In die besonder was die omsetsyfers van Junie altyd heelwat hoër as die neigingslyn van die maandelikse omset in al die betrokke jare.

Daar is gevind dat transaksies in buitelandse valuta tussen banke in Suid-Afrika vergelykenderwys laag is teenoor die wêrelgemiddelde. Dit is grootliks toe te skryf aan die feit dat transaksies in derde-geldeenheide nie in die Reserwebank se opname ingesluit is nie asook aan die hoogs gereguleerde binnelandse mark en die land se uitsonderlike posisie in die internasionale finansiële gemeenskap. Die Reserwebank se opname, wat beperk is tot randtransaksies teen die ses hoofgeldeenheide, toon aan dat hierdie transaksies hoofsaaklik in die vorm van interbanksake en tussen gemagtigde handelaars en binnelandse kliënte voorgekom het.

'n Ander belangrike kenmerk van die deelnemers in die Suid-Afrikaanse mark is die groot en aktiewe rol van die Reserwebank. In die tydperk vanaf die begin van 1989 tot die einde van Julie 1990 het die bruto omset van die Reserwebank gemiddeld ongeveer 12½ persent van die totale bruto omset beloop. Vir 'n groot deel van hierdie tydperk was die Reserwebank daadwerklik in die balansering van die kontant- en termynmark betrokke, het dit sy rol as "markbepaler" in die termynmark gehandhaaf en het dit volgehoud om gereeld in die mark op te tree ten einde oormatige groot korttermynskommelings in die wisselkoers uit testryk.

In ooreenstemming met die meeste ander markte, verrig makelaars in die mark in buitelandse valuta ook 'n belangrike funksie in die Suid-Afrikaanse mark vanweé hulle diepgaande kennis van en ander verbintenisse met internasionale markte. Daarbenewens maak hulle ook onopsigtelike intervensie deur die Reserwebank moontlik.

Die VSA-dollar is verreweg die belangrikste geldeenheid waarin transaksies teenoor die rand aangegaan word en het bykans 85 persent van sodanige transaksies in Julie 1990 uitgemaak. In die afgelope drie jaar het die aandeel van transaksies in Duitse mark in die totale netto-omset meer as verdrievoudig tot effens meer as 8 persent in Julie 1990. Die Britse pond, Switserse frank en Japanse yen is die ander belangrike geldeenheide in transaksies met die rand.

Die grootste deel van Suid-Afrika se buitelandse reserwes word in die vorm van goudreserwes gehou,

maar die goudkomponent is ingrypend verminder van ongeveer 65 persent van die totale reserwes aan die einde van 1986 tot 48 persent op 31 Julie 1990. 'n Teenoorgestelde toename is aangeteken in die relatiewe aandeel van die buitelandse-valutabesit, wat hoofsaaklik in bates betitel in dollars gehou word. Die vlak van die goud- en ander buitelandse reserwes aan die einde van Julie 1990 was sorgwekkend laag teen slegs vyf weke se invoer van goedere en dienste.